ProAgri

tegnologie vir die boer
technology for the farmer

No / Nr 276
ISSN 1042 - 1558

Gratis / Free



Balfour-hooidag wys toptegnologie

Kies die regte kuilvoermielie

Snotsiekte skep groot gevare

Groot dinge op pad vir Reinke

Reinke



Duursaam. Gesertifiseerd. In voorraad.

Die volledige reeks topgehalte PVC-U en PVC-M pyp.

Ons verstaan wat vir jou belangrik is in 'n pyp. Met meer as 30 jaar se ervaring in die vervaardiging van PVC, het ons span die kundigheid om die korrekte tipe pyp te spesifiseer, in die gepaste grootte en drukklas vir jou behoeftes.

Groot verskeidenheid van voorraad staan gereed vir aflewering. Ons hou die volledige reeks PVC-U en PVC-M pyp in voorraad, in alle algemene diameters (vanaf 20 mm tot 630 mm) en drukklasse (vanaf klas 4 tot klas 25).

En ons verstaan dat die optimale oplossing ook koste-effektiewe moet wees. Daarom verskaf ons hoë kwaliteit dog bekostigbare pyp en toebehore in industrie-standaard kleure. Kry die perfekte verbinding, elke keer.

IsoFlo PVC-U reeks. Ekonomies, duursaam, korrosievry en maklik om te installeer. **SANS 966-1 gesertifiseerd.**

IsoTuff PVC-M reeks. Sterk, skokbestand en koste-effektief. **SANS 966-2 gesertifiseerd.**

IsoDrain, ons riool & dreineringspyp reeks. Liggewig, ideaal vir druklose toepassings. **SANS 791 gesertifiseerd.**

AGRICO

More than 100 years of service

www.agrico.co.za | +27 21 950 4111 | info@agrico.co.za

2023 spring volspoed weg!

Die jaar het weer eens teen 'n geweldige vinnige tempo afgeskop, van boeredae, veilings, plaasbesoeke, Botswana toe en terug.

Een neiging in landbou wat klaarblyklik geen omdraaikans het nie, is dat toerusting groter en slimmer word. Landbou beweeg in 'n tegnologieparadys in waar Elon Musk met sy ruimteskepe tuis kan voel. En tog kom ons maar elke keer terug aarde toe, want soos die een boer by Balfour-hooidag aan my gesê het, dit maak nie saak hoe slim die trekkers, planters of werktuie is nie, as die staal waarvan dit gemaak word nie van goeie gehalte is nie, help dit niks!

Ek was so bevoorreg om onlangs besoeke by boere in Botswana af te lê. 'n Besoek aan Suid-Afrika se buurlande is nooit te versmaai nie.

Botswana, is werklik 'n plek van verwondering. 'n Ongewone ervaring, elke ding wat ek gesien het, het gevoel asof dit die eerste keer is. Dit is 'n ryk land. 'n Rykdom van wild, veral die olifante, is hier te sien en beslis iets wat op jou moet besoeklys moet kom!

Dit was ook 'n ongelooflike ervaring gewees om te sien hoe en wat die boere in die gebied doen. Botswana se regering doen baie om die boere op die grond en aan die boer te hou.

In hierdie maand se propvol uitgawe kan jy meer lees oor Equalizer, die plantervervaardiger van Kaapstad, en LEMKEN se samesmelting. Equalizer vervaardig fynsaadplanters met 'n werkwydte van tot 24 m en presisieplanters van tot 36 rye.

Reinke kondig ook hulle openingsdatum vir die splinternuwe Potchefstroom-pakhuis aan.

Die Balfour-hooidag het vanjaar weer sy eie rekords oortref wat besoekersgetalle betref. Lees meer op bladsy 12.

Lees ook meer oor die uitdagings wat boere in die oë staar met noordelike blaarskroei en beesboere se kommer oor snotsiekte.

Dit is vir ons heerlik om oor al die tegnologie, nuus en gebeure te skryf, maar altyd met die besef dat alles niks help as dit nie reën nie, as die pryse nie reg is nie en as ons boere nie veilig met hulle werk kan voortgaan nie.

Net soos wat 'n boer aanhou om sy passie uit te leef, sal ProAgri aanhou om topgehalte artikels oor die jongste tegnologie in die bedryf te versprei. Ek hoor graag waarmee jy besig is op jou plaas, of wat plaasvind in jou omgewing.

ProAgri-groete!
Bianca Henning
bianca@proagri.co.za

Inhoudsopgawe / Contents

Voorbladartikel
2. Reinke bou voort op 'n kultuur van vooruitgang

Hulpbronbestuur
5. Bewaringsboerdery: Is dit dalk die oplossing vir kleinboere?
8. Kaapse Grasveld Nasionale Park: Bewaring van 'n ander kleur
11. Valley® Gensets keep your operation running when there is no electricity
13. Agrico: LEPA-besproeiing kos minder en presteer meer

Balfour Hooidag
14. Balfour Hooidag: Kies reg vir goeie hooi
17. Naelbyt-stryd by die jaarlikse King Price Balerwedstryd
21. Baal mooi hooi met Massey Ferguson se pasmaattoerusting
23. Case IH se mooi rooi baler wen die 2023-balerwedstryd

Meganisasie
25. Nuutste landboutegnologie
28. Massey Ferguson: Meganisasie wat ekonomies sin maak
33. New Holland-trekkers bied nuwe doeltreffendheid
35. Die nuwe sessilinder is hier! John Deere se 6140B-kajuitrekker
37. Hino adds to its amazing reliability record in 2023 Dakar rally
39. John Deere celebrates excellence in customer support

Gewasproduksie
41. Pioneer gewasfokus: Wat is 'n kuilvoermielie?
42. Noordelike mielieblaarskroei: 'n Massiewe oorsaak van oesskade


Vee en Wild
46. Net begrip en samewerking kan snotsiekte stuit
48. Winsgewende skaapboerdery deel 16

50. Agri4all













Op ons voorblad



Staantyd is nie net vir boere onaanvaarbaar nie, maar ook vir Reinke. Reinke het onlangs hulle pakhuis vanaf Durban na Potchefstroom verskuif met die doel om nog beter diens te lewer om die maatskappy se uitbreiding na ander Afrikalande te ondersteun. Lees meer op bladsy 2.

ProAgri
Posbus 72707, Lynnwoodrif /
Rossouwstraat 577
Die Wilgers, Pretoria
079-515-8708
www.proagri.co.za

Copyright © 2023. All rights reserved. No material, text or photographs may be reproduced, copied or in any other way transmitted without the written consent of the publisher. Opinions expressed are not necessarily those of the publisher or of the editor. We recognise all trademarks and logos as the sole property of their respective owners. ProAgri shall not be liable for any errors or for any actions in reliance thereon.

ProAgri

Redakteur tydskrif en aanlyn
Bianca Henning > 082-326-2572
bianca@proagri.co.za

Verslaggewers
Maryna Steyn > 082-261-9177
maryna@proagri.co.za
Natasha Pansegrouw > 081-736-4236
natasha@proagri.co.za
Benine Ackermann > 073-105-6938
benine@proagri.co.za

Spesialisskrywer
Annemarie Bremner > 082-320-3642
annemarie@proagri.co.za

Bemarkingsbestuurder
Diane Grobler > 082-555-6866
diane@proagri.co.za

Bemarkers
Xander Pieterse > 062-391-6507
xander@proagri.co.za
Johan Swartz > 071-599-9417
johan@proagri.co.za
Tiny Smith > 082-698-3353
tiny@proagri.co.za
Lynette van Tonder > 074-694-4422
lynette@proagri.co.za

Skeppende bestuurder
Christiaan Joubert > 072-419-3990
christiaan@proagri.co.za

Uitleg en ontwerp
Michelle Kruger & Jamie-Lee Tromp

Kliëntverhoudingsbestuurder
Carin Swartz > 084-233-0123
carin@proagri.co.za

Navrae
Engela Botha > 073-663-1234
engela@proagri.co.za

Rekeninge
Ronel Schluter > 084-088-0123
accounts@proagri.co.za

Verspreiding en intekening
Nita Volmer-van Zyl > 079-515-8708
nita@proagri.co.za

Sakebestuurder
George Grobler



deur Bianca Henning

Reinke bou voort op 'n kultuur van vooruitgang

Vooruitgang is onmoontlik sonder verandering

Reinke is soveel meer as net 'n besproeiingsmaatskappy. Reinke het onlangs sy hoofkantoor verskuif na die hartjie van Potchefstroom; 'n tuiste vir boere wat op besproeiing staatmaak. Met meer as genoeg onderdele, voorraad en volledige spilpunte wat onmiddellik beskikbaar is om opgerig te word, maak dit enige besproeiingsboer se hart warm klop.

Reinke is die wêreld se grootste besproeiingsmaatskappy in private besit. Dié Amerikaanse maatskappy is al 'n hele paar jaar aan die uitbrei in Afrika. Die oprigting van 'n besproeiingstelsel kan uitdagend wees, maar flink diens en die blitsige beskikbaarheid van onderdele maak dit makliker. Reinke verstaan dit baie goed en daarom is die besluit geneem om die maatskappy se hoofkantoor en onderdelepakhuis van Durban af na Potchefstroom te verskuif waar dit meer sentraal geleë is.

Aan die einde van 2022 het Reinke die aankondiging van Potchefstroom as nuwe tuiste vir hulle pakhuis gemaak. Hierdie pakhuis sal steeds, soos in Durban, gebruik word om voorraad te berg en blitsig beskikbaar te stel aan Reinke se kliënte in Afrika.

Potchefstroom beteken beter dienslewering vir Reinke

Patrick Ellis, besturende direkteur van Reinke Suid-Afrika, vertel: "Die nuwe uitbreiding sal ons toelaat om ons reikwydte regoor Suid-Afrika sowel as Botswana, Namibië en Zimbabwe te verbreed. Dit beteken beter en vinniger diens aan ons bestaande en nuwe kliënte in die hele streek. Daarby sal die ruimte in die pakhuis dit moontlik maak om ons kliëntebasis en ons produkreeks te vergroot."

Reinke se betrokkenheid by die gemeenskap

Die uitgebreide Reinke-hoofkantoor skep ook bykomende werksgeleenthede vir algemene werkers en verkoopspersoneel binne die bestaande werksmag. Meer hande wat die werk kan doen dra ook by tot beter bystand en ondersteuning aan boere.

Reinke se span glo ook daaraan om betrokke te raak by die plaaslike gemeenskap en omgewing. Daar is reeds uitgereik na die Potchefstroomse Sakekamer om hulp aan te bied met die instandhouding en skoonhou van paaie, sypaadjies, parke en ander openbare ruimtes in die gebied.

In 'n tyd wat boere net altyd onderworpe is aan prysstygings, wag daar moontlik ook 'n paar goeie verrassings. As gevolg van die konsolidasie van die hoofkantoor op 'n enkele plek, kan sommige van Reinke se dienste en produkte selfs 'n bietjie goedkoper word.

Reinke het groot planne vir die toekoms

"Hierdie nuwe hoofstuk sal die begin wees van ons doelgerigte uitbreiding na lande soos Namibië, Zambië, Swaziland, Mosambiek en Zimbabwe, met die uiteindelike doel om ons Reinke-handelaarskappe in elk van daardie lande sterker te maak," sê Patrick. "Ons sal dit doen deur bemarking- en tegniese ondersteuning en opleiding te verbeter, en ook om nader aan die boere in hierdie gebiede te beweeg."

Die handelaars wat tans Reinke-produkte in hierdie Afrika-lande verkoop, sal baie voordeel trek uit die verskuiwing na Potchefstroom.

"Wanneer ons die geleentheid sien om meer Reinke-handelaarskappe in hierdie Afrika-lande te vestig, sal ons permanent of tydelik tegniese adviseurs op sekere strategiese plekke plaas," verduidelik Patrick.

Reinke is baie opgewonde om aan te kondig dat die Potchefstroom-hoofkantoor amptelik sy deure op 15 Mei 2023 sal open.

Saam met die skuif na die nuwe hoofkantoor, moedig Patrick hulle kliënte aan om al die Reinke-nuus te bly volg. "Hou hierdie ruimte dop! Reinke Afrika gaan vanjaar met 'n groot verrassing na vore kom."

Noordwes-boere glimlag breed oor Reinke se nuwe tuiste

'n Boer moet elke stukkie grond tot sy beskikking behoorlik benut. Dit is nie in 'n boer se aard om te mors nie, veral nie met iets so kosbaar soos krag, water of grond nie. Reinke is dit met die boere eens en daarom probeer hulle altyd om die boer te help om doeltreffend en kostedoeltreffend te besproei. 'n Groot deel van



Die Reinke-span is opgewonde oor die opening van hulle groot nuwe pakhuis in Potchefstroom.



Reinke-spilpunte sorg dat Wikus van Niekerk van Alwee Boerdery se lande van hoek tot kant besproei word.

Reinke se kultuur van vooruitgang is waarde vir geld, gehalte en diens.

Waarde vir geld, gehalte en diens

Uitvalhoeke in jou land kan soms uitdagend wees om te besproei. Wikus van Niekerk van Alwee Boerdery naby Potchefstroom plant saadmielies, droëbone, koring en voersorghum onder besproeiing.

Soos baie ander boere, het Wikus met uitvalhoeke tussen sy bestaande spilpunte gesukkel.

Wikus het vele besproeiingstelsels oorweeg voordat hy besluit het om Reinke-spilpunte te koop. Die prys was die deurslaggewende faktor. "Ek het gekyk na koste in rand per hektaar en daar was Reinke die heel beste," vertel Wikus.

"In Oktober 2019 het ek drie 18-hektaar Reinke-spilpunte bestel om die uitvalhoeke tussen my bestaande spilpunte te besproei, en binne 'n week was al drie spilpunte opgerig. Die Reinke-span is betrokke by die hele proses, van die beplanning en ontwerp tot by die oprigting en naverkopediens," vertel Wikus.

Reinke is daartoe in staat om vir elke boer 'n stelsel te ontwerp wat presies aan sy unieke behoeftes voldoen.

Reinke-spilpunte word geken aan hulle stewige struktuur wat van ligte, maar sterk materiaal vervaardig word. "Dit is een van die redes waarom dit nie moeilik is om Reinke se spilpunte op te rig nie. Hulle is ligter as die ander, maar net so stewig," voeg Wikus by.

Nog boere van Noordwes praat met lof van Reinke se topgehalte, bekostigbare spilpunte

George Enslin en Schalk Barnard is plaasbestuurders van Castello Boerdery. Schalk bestuur die plaas buite Potchefstroom in Viljoenskroon se koers en George is aan die stuur van sake op die plaas naby Rysmierbult in die rigting van Ventersdorp. Hulle boer met graan en Bovelders.

In November 2020 het Schalk besluit om 'n Reinke-spilpunt te laat oprig. Schalk en George het saam besluit op 'n enkeltoring Reinke-spilpunt wat sowat twee hektaar besproei. Die rede vir die grootte van die spilpunt was dat die onderhoudskoste van 'n kleiner spilpunt laer is en die bestuur makliker.

Die spilpunt is opgerig op 'n uitvalshoek tussen bestaande spilpunte. "Ek het gesukkel om onderdele vir ons bestaande spilpunte op die plaas te kry. George het my aangeraai om Patrick Ellis te skakel, en die volgende dag was alles wat ek nodig gehad het hier op die plaas. Daar het ons verhouding met Reinke begin," vertel Schalk.



Wikus van Niekerk by een van sy drie 18-hektaar-spilpunte.

Schalk se spilpunt spog met die beste tegnologie soos net Reinke kan bied. Die beheerstelsel is 'n GPS-toestel, wat hom in staat stel om alle funksies en verstellings van die besproeiingstelsel vanaf enige plek in die wêreld met sy slimfoon te beheer.

Buiten Reinke se GPS-beheerstelsel spog hierdie spilpunte ook met swaardiensratkaste. Die ratkaste gebruik groter, sterker laers wat 'n langer leeftyd bied met 'n vlekvryestaaldop wat vog en dus ook roes bekamp. Die ratkas is versterk op al die plekke wat gewoonlik die meeste vrag dra, en 'n stewiger as verseker minder spanning op die wielmoere. Die hele ratkas is ontwerp om versieningswerk so min as moontlik te maak en die leeftyd so lank as moontlik te rek.

Wikus, George en Schalk is dit eens: Reinke se topgehalte produkte en naverkopediens kan vir enige boer aanbeveel word.




Nie net spog Reinke met topgehalte diens en waarde vir geld nie, maar maak ook besproeiing makliker vir die boer met tegnologie en die beheer van jou spilpunt vanuit die gemak van jou huis.

Reinke sorg dat die boer sy grond, en sy geld, so goed as moontlik benut deur 'n besproeiingstelsel te ontwerp wat spesiaal by daardie plaas pas.

Vir enige navrae kan Patrick Ellis, direkteur van Reinke Suid-Afrika, gekontak word by 031 350 4525 of stuur 'n e-pos aan patrickellis@reinke.com.

KWALITEIT BESPUITING
BEGIN MET TEEJET KWALITEIT SPUITPUNTE.




Gewasbeskerming produkte en vloeibare kunsmis is slegs doeltreffend wanneer dit behoorlik toegedien word.

1. Maak seker dat jy die regte spuitpunt vir jou toediening kies.
2. Vervang verweerde spuitpunte.
3. Inspekteer jou spuit en kalibreer jou spuitpunte om behoorlike toediening te verseker.



GRATIS!



TeeJet® TECHNOLOGIES

Besoek www.teejet.com om al ons spruite te besigtig.

Versoek die Volledige Sakpas gids vandag, by info@teejetsa.co.za

Bewaringsboerdery: **Is dit dalk die oplossing vir kleinboere?**

deur Tisha Steyn

Immerdeur is boere op soek na maniere om hulle produksie te verbeter en hulle koste te verminder, en bewaringsboerdery mag die antwoord op talle drome wees.

'n Groep van sestien ontwikkelende boere in die Klein-Karoo het onlangs by Barry Meijer op sy plaas, Meijers Rust, by die ingang na Meiringspoort naby De Rust kom besoek aflê om te sien hoe hy sy bewaringsboerdery bedryf.

Barry en sy vrou Vivienne boer met Bonsmaras op die plaas van 2 000 ha, waarvan 105 ha vir bewerking geskik is. Tans hou hulle 'n kudde van 100 koeie aan die gang op 21 ha onder besproeiing. Die res van die veld is bergfynbos.

Hulle het agt jaar gelede met bewaringsboerdery begin. "Sedert die eerste artikel oor ons boedery in 2018 verskyn het, het heelwat ander boere al kom kyk wat ons doen." Hy sê daar is etlike boere in die De Rust-omgewing wat bewaringslandbou toepas.

Op 22 November het die Departement van Landbou 'n groep opkomende boere na Meijers Rust gebring om te sien hoe Barry herlewingsboerdery toepas. Op 9 Desember het die Departement ook 'n aantal voorligtingsbeamptes van die George Navorsingsplaas plaas toe gebring om te kom kyk.

"Die beamptes was baie goed ingelig oor bewaringsboerdery en hulle probeer reeds om boere daarmee te help. Dit was goed om dit wat hulle aan hulle boere oordra te kon beaam," sê Barry.

Grootste uitdagings

Volgens Barry het die boere genoem dat hulle grootste uitdagings die koste van energie, diefstal, toegang tot kapitaal en die droogte is. "Ek kan my met hulle vereenselwig omdat die droogte en die koste van energie my ook knel," verduidelik Barry. Hy het albei groepe geesdriftig ingelig oor wat hy doen en hoekom dit werk.

Hoekom bewaringsboerdery?

Die oorwegende faktor wat Barry laat besluit het om oor te skakel was die grond wat nie water absorbeer het nie. "Selfs na 2 mm reën het die water weggeloop," onthou hy.

Terwyl hy op die internet navorsing gedoen het oor die rede hiervoor, het hy op Ray Archuletta van die USDA en Gabe Brown, 'n bekende bewaringsboer in Amerika, afgekom. "Dit het my bewus gemaak het van die waarde van bewaringsboerdery. Vandag is daar soveel meer inligting beskikbaar omdat baie meer wetenskaplikes hulle daarop toespits. Van die groot name sluit Walter Jehna, Christine Jones, Christine Nichols en David Johnson in."

Volgens Barry berus bewaringsboerdery op vier beginsels, naamlik

- minimum versteuring van die grond en geen gebruik van chemiese middels nie;
- dekgewasse wat die grond altyd bedek hou en sorg dat lewende wortels so lank moontlik in die grond bly;
- gemengde aanplantings pleks van monokultuur-gewasse; en
- lewendehawe moet ingesluit word omdat hulle teenwoordigheid die ontwikkeling van bakterieë aanspoor.

"Bedekte grond kan tot 20 °Celsius koeler as kaal grond wees. Die lewende plante sit koolstof in die grond, en vir elke kilogram koolstof in die grond kan dit tot 7 kg water absorbeer.

"Enige aanplantings moet bestaan uit vier funksionele plantgroepe, naamlik peulgewasse, grasse, kort kruie en lang kruie."

Volgens hom het die Jena-eksperiment in Duitsland bewys dat plantdiversiteit 'n positiewe bedrae lewer tot die produktiwiteit van plante en talle ander ekosisteem-veranderlikes. Dit ondersteun die aanname dat biodiversiteit multi-funksionaliteit in die ekosisteem bevorder.

Dekgewasse

Aanvanklik is meestal eenjarige dekgewasse geplant, maar daar is mettertyd beweeg na meerjarige gewasse uit vier funksionele groepe. "Minder peul-gewasse word geplant want dit kan lei



Met intensiewe beweiding word die koeie toegelaat om net 50% van die blaarbedekking te vreet voor hulle verskuif word.



Barry Meijer hou sowat 100 Bonsmarakoeie op die plaas Meijers Rust aan.



'n Paar mak elande geniet ook die aangeplante weiding op Meijers Rust.



Die oppervlak word net liggies bewerk om nie die plantwortels om te dolwe nie.



'n Groep voorligtingsbeamptes van die Departement van Landbou het Meijers Rust besoek om bewaringsboerdery in die praktyk te aanskou.

tot te veel stikstof in die grond, wat tot verdigting lei. Alle plante het die vermoë om omstandighede te skep sodat bakterieë vir hulle kan stikstof maak."

Die dekgewasse se wortels dring die grond tot verskillende dieptes binne en die gewasse is op verskillende tye geskik vir beweiding. "Die belangrikste is dat daar te alle tye plantwortels in die grond en 'n blaarbedekking op die oppervlak moet wees."

Die plantbedekking keer dat die grond uitdroog omdat die enigste waterverlies deur verdamping deur die blare deur evapo-transpirasie plaasvind.

Die wortels keer dat die grond wegspoel en sorg dat dit goed deurlug word, wat voordelig is vir koolstof- en stikstofinhoud, en dit voed noodsaaklike bakterieë in die grond wat, in interaksie met mikorisa-swamme, die grond gesond hou.

Hoe digter die plantbedekking is, hoe minder onkruid kom voor, terwyl dit terselfdertyd heelwat meer voordelige as skadelike insekte huisves wat chemiese onkruid- en plaagbeheer oorbodig maak.

Weidingbeheer

Omdat die weiding soveel verbeter het, bewei die beeste 40 m² per koei. Hulle weidingbewegings word beheer deur 'n enkele elektriese draad wat elke twaalf uur verskuif word. "Boere wat hulle beeste sewe keer per dag verskuif het baie beter resultate," verduidelik hy.

Die beeste word net toegelaat om 50% van die blaarbedekking te vreet voordat die heining verskuif word. "Dit laat genoeg blare vir fotosintese sodat die plante kan aanhou groei."

Die grootste voordeel hiervan is dat heelwat minder water gebruik word en dat daar altyd groen weiding beskikbaar is, selfs te midde van die ergste droogte in 100 jaar waaronder die Klein-Karoo tans gebuk gaan.

Hy meen die aspek van hoëdrukbeweiding kan die kleinboere van waarde wees. "Hulle kan baie vee op 'n klein stukkie grond laat wei, maar dit is belangrik dat die vee nie toegelaat moet word om weer te bewei voordat die weiding ten volle herstel is nie."

Voordele van bewaringsboerdery

Die water wat gebruik word, produseer meer biomassa per liter as met tradisionele boerdery. "Met navorsing weet ons nou dat indien ons bewaringboerdery toepas, kan ons tot 250-miljard ton koolstof bykomend in die grond sit. Herlewingslandbou lei tot meer gesonde voedsel en meer gesonde mense."

Buiten dat daar heeljaar deur groen weiding beskikbaar is, lê die besparing daarin dat dieselverbruik aansienlik verminder is.

Hy glo bewaringsboerdery of herlewingslandbou kan die ergste byt uit klimaatsverandering haal. "Landbou kan nie op sy eie klimaatsverandering omkeer nie, maar deur sekere beginsels toe te pas – wat lynreg teenoor konvensionele landboumetodes staan – is dit moontlik om minstens in die mikrokosmos van jou plaas 'n verskil te maak.

"Landbou word allerweë beskou as een van die grootste bydraers tot klimaatsverandering. Navorsing het



Baie min van die 105 ha bewerkbare grond op Meijers Rust word gebruik vir aangeplante weiding.



Omdat min bewerking gedoen word, is dieselverbruik tot die minimum beperk.

getoon dat biodiversiteit in grond, en veral in grasveld, lei tot 'n dramatiese toename in die vermoë daarvan om koolstof op te neem en te berg.

"Dit beteken die grond moenie omgedolwe word nie, maar eerder gevoed en beskerm word deur dekgewasse te plant. Geen chemiese middels, hetsy bemesting, onkruid- of insekdoder nie. Monokultuurgewasse moet vermy word, maar dit is nie altyd haalbaar vir kommersiële graan- en oliesaadboere nie – wisselbou kan help."



'n Mengsel van verskillende dekgewasse wat as voergewasse benut word, word gesaai.

Toerisme

Die ongerepte fynbos op die hoërliggende gedeelte het groot aantrekkingskrag vir Suid-Afrikaanse en buitelandse besoekers wat in 'n aantal huisies op die plaas kom vertoef.

"Toerisme is 'n nuttige ekstra inkomste, want die huisies is feitlik heeljaar deur vol bespreek."



Barry Meijer se grootste uitgawe is die koste van goeie gehalte saad vir meerjarige dekgewasse.

Kontakbesonderhede

Kontak Barry Meijer by 072-495-5196 of bmeijer@aol.com vir meer inligting.

Verwysingsbronne

Eisenhauer, N. (n.d.) *The Jena Experiment: Exploring mechanisms underlying the relationship between biodiversity and ecosystem functioning.* German Center for Integrative Biodiversity Research (iDiv) Halle-Jena-Leipzig http://www.the-jena-experiment.de/

Elmqvist, T. (2022) *Regenerative Agriculture: Healthy soil best bet for carbon storage.* Stockholm Resilience Centre https://easac.eu/news/details/regenerative-agriculture-healthy-soil-best-bet-for-carbon-storage/

Stika, J. (2016). *A soil owner's manual: How to restore and maintain soil health.*





Kaapse Grasveld Nasionale Park: Bewaring van 'n ander kleur

deur Maryna Steyn

Foto deur Angus Burns, WWF SA

Die nuwe Grasveld Nasionale Park is in die proses om verklaar en gevestig te word. Dit val binne die grasveldbioom van die Oos-Kaap se Joe Gqabi-munisipaliteit. Voortaan sal die bedreigde grasvelde ook die beskerming kry wat dit benodig.

SANParke, in samewerking met Wêreld Natuurfonds Suid-Afrika (WWF SA), het hande gevat met verskeie regerings- en nie-regeringsvennote om hierdie gebied tot bewaringsgebied te verklaar.

Die besluit om die grasvelde te be-skerm is veelvoudig. 'n Nasionale Biodiversiteitsassessering gedurende 2019 het bevind dat die grasveldbioom dring-end bewaring benodig om behoue te bly. Volgens die Nasionale Bewaringsgebiediutbreidingstrategie sal die park dit ook moontlik maak om bedreigde en-demiese fauna en flora te beskerm. Die Wêrelderfenisgebiede, kenmerkende grasvelde, asook berge en vleilande, val binne die grasveldbioom.

Wat hierdie park uniek maak is nie net die eiesoortige bioom wat dit beoog om te bewaar nie, maar ook die vennootskap wat dit met die werkende landbougemeenskap sal bou. Die inwoners sal steeds ekonomiese voordeel uit die park trek terwyl hulle daar bly.

Volgens Thembanani Nsibande, programbestuurder van WWF SA, sal die park jare van swak omgewingsbestuur, substandaard-bewaring en die verlies van natuurlike habitat teëwerk deur ook die belangrike waterbronne beter te bestuur.

Die pad na die Kaapse Grasveld Nasionale Park

Om 'n park te vestig gebeur nie oornag nie. Eerstens moet daar met grondeienaars onderhandel word om uit te vind wie bereid is om hulle grond deel van die park te maak. Dit is alles vrywillig en niemand word gedwing om deel van die park te word nie. Die grond wat in die park ingesluit word moet wel aan die standaarde van biodiversiteit voldoen.

Tans is die Biodiversiteitterreinassessering en Veldtoestandassessering nog aan die gang.

"SANParke en hulle vennote beoog om vrywillige ooreenkomste met private en gemeenskaplike grondeienaars te bereik om 'n biodiversiteitrentmeesterskapbenadering aan te neem," sê Thembanani.

Elke grondeienaar neem hom- of haarself voor om by die beginsels en vereistes van die bestuursplanne te hou. In sommige gevalle sluit dit in om formeel die grondgebruikspraktyke uiteen te sit om biodiversiteit te verseker.

Die mikpunt is om 10 000 hektaar vir die aanvangsgebied te bekom.

"Daar is 'n deurlopende proses van boereverenigings- en gemeenskapsvergaderings saamroep asook om indiwiduele gesprekke te voer. Meer formele skakeling en werksessies word gehou om die boere wat binne die bewaringsgebied sal boer met opleiding en raad te ondersteun. Buiten hierdie groep, bied dit ook ondersteuning aan betrokke organisasies, lede van die publiek en ander belangstellende partye," verduidelik hy.

Tans is daar twee staatsbestuurstrukture geloods wat die bestuur van die park sal handhaaf. Dit is die Nasionale Bestuurskomitee en Tegniese Taakspan.

Die Nasionale Bestuurskomitee is verantwoordelik vir die algehele strategiese oorsig, besluitneming, en inwerkingstelling van die projek. Dit word deur die Departement van Bosbou, Visserye en Omgewingsake gedoen, in samewerking met verteenwoordigers van die Departement van Ekonomiese, Ontwikkeling, Omgewingsake en Toerisme, SANParke, Oos-Kaapse Parke- en Toerisme-agentskap, Joe Gqabi-munisipaliteit en WWF SA.

Die Tegniese Taakspan verskaf tegniese ondersteuning, leiding en hulp met die projek op die grond. Dit bestaan uit 'n breë verskeidenheid verteenwoordigers van alle betrokke organisasies, munisipaliteite en staatdepartemente.

Sodra die assesserings wat tans plaasvind voltooi is, sal daar saam met die eienaars 'n Beskermdegebiedbestuursplan bepaal word, en die nodige ooreenkomste wat opgestel moet word sal afgerond word. Openbarebetrokkenheidprosesse moet ook geformaliseer word.

Die Kaapse Grasveld Nasionale park balanseer bewaring en landbou

"Die hoofdoel met die stigting van die park is om bewaring te balanseer met sosio-ekonomiese faktore deur vernuwende benaderings tot ontwikkeling te gebruik," sê Thembanani.

Die ekonomiese voordele van die park sluit in werkskepping deur die onderhoud en bestuur van die bewaringsarea, die generering van inkomste deur geselekteerde en fynbestuurde grond,



Die Kaapse Grasveld Nasionale Park sluit ook strategiese waterbronne in wat deur die park beskerm sal word. (Foto deur Angus Burns, WWF SA)

asook laastens 'n toeristebestemming en toerismebedrywighede.

Landbou bly steeds die kernpunt om 'n inkomste in te bring. Toerisme bly dus sekondêr teenoor inkomste deur verbeterde volhoubare landbou.

Landboupraktyke in die gebied sal hoofsaaklik bestaan uit weiding vir vee. Daar sal egter streng bestuursmaatreëls wees om te volg. Buiten bewaring sal hierdie maatreëls die toestand van die veld, diere se gesondheid en die volhoubaarheid van die omgewing verbeter.

"Die park se fokus om voort te gaan met volhoubare landbou binne die bewaringsgebied sal marktoevoer vergemaklik vir sowel gemeenskaps- asopkomende boere. Ons sal ook saam met kommersiële boere werk om geleenthede te skep vir gesertifiseerde produkte met toegevoegde waarde," vertel Thembanani.

"As deel hiervan word die gemeenskap bemagtig met bestuurspraktyke wat hulle sal help om volhoubaar te boer."

Daar word werksessies en opleidingsessies gehou waartydens:

- Die bestaansrede en doel van die Grasveld Nasionale Park geïdentifiseer word.
- Die waardes en belangrike kenmerke van die landskap geïdentifiseer word.
- Kern-strategiese doelwitte vir die Grasveld Nasionale Park geïdentifiseer word.
- Kern-bestuursingrypings wat binne die gebied moet plaasvind geïdentifiseer word.
- Riglyne vir kommunikasie oor betrokkenheid uiteengesit word.
- Samewerking bly die kern van die park se stigting.

"Dit is belangrik dat 'n volhoubare weidingsmodel gebruik word, want die bewaring van biodiversiteit is moeilik wanneer vee op die grasveld wei," sê hy. "Met die ekologie van grasvelde is dit nodig om die veld te laat rus, drakapasiteit in ag te neem, aantal vee aan te pas en bewus te wees van vuur binne die gebied.

"Boere binne die bewaringgebied kan die nodige leiding en ondersteuning verwag. Waar nodig sal boere en grondeienaars vaardighede leer van werksessies en opleidingskurssuse."

Die nuwe nasionale park beskerm veelvoudige natuurlike hulpbronne

Thembanani verduidelik dat die park sal verseker dat een van Suid-Afrika se belangrikste waterbronne beskerm word. "Dit is noodsaaklik dat die Oos-Kaap se Drakensberge se watertoevoer mooi opgepas word. Hierdie area is geneig tot droogtes, maar dit is ook 'n Strategiese Waterbrongebied (*Strategic Water Source Area)*," vertel hy. "Hierdie is gebiede wat noodsaaklik is vir die voorsiening van vars water aan die land."

Riviere, vleilande en wateropvangsgebiede is net so noodsaaklik soos die infrastruktuur wat daarmee saamgaan om watersekerheid moontlik te maak. Die ekosisteme is egter tans in gedrang weens die swak toestand waarin hierdie bronne verkeer.

"Die bewaringsgebied sal die bronne van die Tina- en Bellrivier bewaar," brei hy uit. "Die Tinarivier vloei in die uMzimvubu-rivier en bevoordeel die inwoners van Mount Fletcher, Qumbu en die Wildekus. Die Bellrivier word die Kraairivier wat na die Oranjerivier vloei en in die Noord-Kaap by die Atlantiese Oseaan uitmond.

Om meer uit te vind oor hierdie park of om daarby betrokke te raak, gaan na **www.wwf.org.za** of **www.sanparks.org.**

AXION 2 XQ SERIES

THERMAL IMAGING

PULSAR
AUTHORISED DEALER
OFFICIAL
WWW.ULTRANEXUS.CO.ZA



AXION 2 XQ35

384 x288
SENSOR -
384X288 PIX. @ 17 µm

DETECTION RANGE-
1300M

IPX7
IPX7 FULLY
WATERPROOF

EXTENDED
BATTERY LIFE

AXION 2 XQ35 LRF

VARIABLE
MAGNIFICATION

REC
BUILT-IN PHOTO
& VIDEO RECORDER

AMOLED
HIGH-CONTRAST
AMOLED DISPLAY

Mg 12 MAGNESIUM
HIGH-QUALITY MAGNESIUM
ALLOY HOUSING

ULTRANEXUS

TO FIND A DEALER NEAR YOU, SEE CONTACT DETAILS BELOW:
WWW.ULTRANEXUS.CO.ZA | WHOLESALE@ULTRANEXUS.CO.ZA | 083 559 0001

Valley® Gensets keep your operation running when there is no electricity

Article supplied

Valley® is the founder of the entire pivot irrigation industry. We have helped generations of growers to overcome watering challenges with the most durable machines and the most reliable technology available. Our passion for agriculture is clearly seen in the numerous solutions we have created to help growers in every aspect of their operations.

It therefore comes as no surprise that we have also established ways to help growers, to generate electricity, which is becoming more crucial under current circumstances. We have Ag Solar by Valley® - offering solar solutions to growers and Valley Diesel-Powered Gensets®, that we will focus on in this article. Valley® Gensets come with a 12 month warranty and are approved by the highest quality standards. Each Genset is assembled on order to ensure that you are getting the best quality product for your investment.

Diesel-powered generators from Valley® Irrigation are ideal to meet the water application needs of farms utilizing irrigation machines, including all ancillary products, such as pumps. These reliable generators are capable of working as a farms' main electrical source, or as a standby unit where the main electrical supply is weak or unreliable.

The ratings range from 9 kVA to 500 kVA, and even units available in a trailer-mounted configuration. Other key features include a durable design and the ability to handle overloads of up to 300% during start-up.

Prime power

These ratings are applicable for supplying continuous electrical power (at variable load) as an alternative to commercially purchased power. 10% overload power is available for 1 hour out of 12 hours of continuous operation.

Standby power

These ratings are applicable for supplying continuous electrical power (at variable load) in the event of a utility power failure. No overload is permitted on these ratings.



Motor starting

The permissible overloads are 300% for 20 seconds, 50% for 2 minutes and 10% for 1 hour out of every 6 hours of operation.

Standard reference conditions

Output ratings are presented at 25 °C air inlet temperature, barometric pressure 100 kPa, relative humidity 30%.



These generating sets are designed to operate at high ambient temperatures (up to 55 °C), humidity (up to 99%) and higher altitudes.

Benefits

- Minimise downtime
- Improve water efficiency
- Remotely monitor and control your system via Crop Link® - a smart irrigation solution from Valley®

When it comes to irrigation services and solutions, there is only one name that growers trust: **Valley® - The Leader in Precision Irrigation.**

Please visit the Valley® website at www.valleyirrigation.com or call Valley Sales on (+27) 79-505-9174 for more information.

VME Part N°	Genset Model	Prime Rating 50 Hz (Kva)	Prime Rating 60 Hz (Kva)	Engine	Alternator	Dimensions		
						L (mm)	W (mm)	H (mm)
5120093	JP9	9	11	PERKINS	MECCALTE	1910	860	1222
5120094	JP13	13	16	PERKINS	MECCALTE	1910	860	1222
5120139	JP15	15	18	PERKINS	MECCALTE	1910	860	1222
5120095	JP20	20	24	PERKINS	MECCALTE	1910	860	1222
5120125	JP30	30	35	PERKINS	MECCALTE	2120	970	1520
5120126	JP45	45	50	PERKINS	MECCALTE	2300	1110	1520
5120127	JP60	60	68	PERKINS	MECCALTE	2300	1110	1520
5120128	JP80	80	90	PERKINS	MECCALTE	2300	1110	1520
5120129	JP100	100	110	PERKINS	MECCALTE	2770	1110	1520
5120130	JP135	135	150	PERKINS	MECCALTE	3520	1110	1800
5120131	JP150	150	165	PERKINS	MECCALTE	3520	1110	1800
5120132	JP200	200	245	PERKINS	MECCALTE	3900	1430	1980
5120133	JP250	250	280	PERKINS	MECCALTE	3900	1430	1980
5120134	JP300	300	335	PERKINS	MECCALTE	4700	1630	2010
5120135	JP350	350	400	PERKINS	MECCALTE	4900	1630	2190
5120136	JP450	450	500	PERKINS	MECCALTE	5190	1630	2190
5120142	JP500	500	500	PERKINS	MECCALTE	5190	1630	2190

Additional features:
- Synchronized models
- Larger fuel tank
- Additional fuel / water separator
- Battery disconnect switch

Quality standards:
BS4999, BS5000, BS5514 IEC, 60034, VDE0530, NEMA MG 1.22 and 8528

Key features:
- Durable design
- Handles overloads of up to 300% during startup
- Ratings range from 9 kVA to 500 kVA
- Available in trailer-mounted configuration



Crop Protection
Growing Progress

FUNGICIDES

HERBICIDES

INSECTICIDES

Corteva Crop Protection brings farmers an unmatched set of tools to equip them to do what they do, better. We are evolving our crop protection portfolio with the future in mind, adding more natural and safe solutions, and an unrivalled pipeline of new product launches. We address a wide variety of pests, diseases, and weed control options on multiple crops, with different chemical modes of action, and with sustainable innovation criteria. We can advise which crop protection products work best together, and how and where to apply crop protection in the field. Together, we will grow progress for agriculture and society, enriching the lives of those who produce and those who consume.

FOR MORE INFORMATION CONTACT THE REGISTRATION HOLDER: Corteva Agriscience RSA (Pty) Ltd · Reg. No. 1997/003030/07 • **Paarl** +27 (0) 21 003 8259 • **Centurion** +27 (0) 12 683 5700 • 2nd Floor, Building A, Lakefield Office Park, 272 West Avenue, Centurion, 0157, Gauteng, Republic of South Africa.

CORTEVA™ agriscience

Visit us at **corteva.co.za**



LEPA-besproeiing sorg dat elke plant voldoende water kry en dat elke druppel op die regte plek val.

Kyk hoe wen F&R Boerdery met Agrico:

LEPA-besproeiing kos minder en presteer meer

deur Bianca Henning

'n Lus vir die oog is die welige groen gewasse langs die hoofpad na die Noorde. Een van die boerderye wat hierdie pragtige groen gesig vir reisigers moontlik maak is F&R Boerdery van Frans en Reint Dykema, en hulle doen dit met besproeiing van die spilpuntmarkleier, Agrico.

Die Dykemas is besproeiingsboere langs die Pienaarsrivier in die Warmbad-distrik. Onder die naam F&R Boerdery boer hulle hoofsaaklik met mielies, koring en sojabone, met 1 600 ha onder besproeiing.

"Ons pa het 40 jaar gelede hier begin boer, toe was hier niks. Hier was geen spilpunte of selfs landerye op die plaas nie; dit was net bos. Sedert 2007 het ek en my broer Reint, stadig maar seker die leisels begin oorvat. Vandag staan ons boerdery bekend as F&R Boerdery, waar ek en my broer saam die saaiboerdery behartig," vertel Frans.

"Ons het onlangs ook uitgebrei en gediversifiseer met bessies, waar ons brame en apelliefies plant," voeg Frans by.

"Sonder water en doeltreffende besproeiingstelsels kan ons boerdery nie floreer nie. Ons haal twee oeste per jaar af, en as jou kunsmis en water nie tydig en akkuraat toegedien word nie, mag jy moontlik met jou hande in jou hare sit na 'n seisoen.

In 2020 het die broers hande gevat met Agrico om 'n nuwe projek op die plaas aan te pak.

"Oor die jare heen het ons gebruik gemaak van verskeie spilpunt-handelsmerke, maar met hierdie projek het ons besluit dat ons 'n kopskuif gaan maak na Agrico toe," vertel Frans.

'n Gedeelte van die gewasse, sowat 182 ha, is tans onder LEPA-besproeiing.

"Ek was aanvanklik skepties oor al hierdie lang pype en nuwighede, maar namate die span van Agrico Brits en Nylstroom met die projek gevorder het, was ek aangenaam verras.

"Die eerste keer toe ek by die nuwe pompkamer kom, het ek geen lawaai gehoor soos waaraan ek gewoond was nie. Dit het amper onwerklik gevoel.

"Die kragbesparing in vergelyking met die ander spilpunte is enorm.

> "Ons het 'n besparing van ongeveer 40% op ons kragverbruik met die LEPA-stelsel."

Frans lig die grootste voordele van LEPA-besproeiing vir hulle boerdery uit:

Aan die voorpunt is laer kragverbruik. Kort op dié voordeel se hakke is verminderde waterverbruik vanweë die groot druppels, minder verdamping, minder onderhoud en slytasie aan die pompe as gevolg van die lae spoed en lae druk van die stelsel. Frans ondervind ook dat die spilpunt minder vassteek. Dit beteken minder staantyd en meer besproeiingstyd. Hulle stoot ook vloeibare kunsmis deur die nuwe LEPA-stelsel.

"Nog 'n voordeel vir ons van Agrico se besproeiingstelsel, is die webbeheerstelsel wat saam met die LEPA-stelsel gekoppel is," voeg Frans by.

As een spilpunt vroeër klaarmaak as 'n ander op dieselfde pyplyn, dan word die water outomaties afgesluit. Die spoed van die pompmotor en spilpunt kan vanaf die aanlyn-beheerstelsel beheer en gereguleer word. Jy kan ook jou water se druk en spoed beheer met 'n eenvoudige program wat jy vir die spilpunt skryf.

"Uit 'n bestuursoogpunt maak dit die lewe soveel makliker! Ek kan alles reguleer en moniteer vanaf enige plek ter wêreld," sê Tyler Hillbrook, plaasbestuurder by F&R Boerdery.

"Oor die diens wat ons vanaf Agrico kry, kan ons werklik nie kla nie. Dit is so lekker om te weet dat dit wat ons nodig het beskikbaar is, en dat die verteenwoordigers altyd daar is om te help en ondersteun waar hulle kan. Van dag een af was die Agrico-span toegewyd om ons te help-vanaf die ontwerp regdeur oprigting tot naverkopediens. Jy hoef nie te wag nie. Hulle weet goed dat 'n besproeiingsboer nie hou van wag nie of dit kan bekostig nie," sluit Frans af.



Tyler Hillbrook (plaasbestuurder), Frans Dykema (eienaar van F&R Boerdery) en Theo van Staden (takbestuurder van Agrico Brits en Nylstroom).





Die pomphuis wat die Agrico-span by F&R Boerdery ontwerp en opgerig het.

LEPA-besproeiing

LEPA – lae-energiepresisietoediening. 'n LEPA-pakket plaas die water nader aan die grondoppervlakte om verdamping en waterverlies deur wind drasties te verminder. Omdat LEPA-sproeiers teen 'n lae druk werk, bespaar dit ook elektrisiteit.

Vir meer inligting oor hoe Agrico jou kan bystaan met die nuutste en beste besproeiingstegnologie, kontak sales@agrico.co.za of skakel 083-455-5423. Besoek gerus ook Agrico se webtuiste by www.agrico.co.za.



Balfour Hooidag:

deur Maryna Steyn

Kies reg vir goeie hooi

Nuwe tegnologie en bekende staatmakers het langs mekaar geskitter by die tiende Balfour Hooidag wat na die Covid-onderbreking van twee jaar weer plaasgevind het. Die geleentheid word deur die Balfour Boerevereniging aangebied en boere in die Hoëveldstreek het die geleentheid gebruik om te gaan opweeg watter toerusting die beste vir hulle boerdery sal werk.

Die eerste hooidag is twaalf jaar gelede aangebied toe 65 boere besluit het die beste manier om 'n besluit te neem oor toerusting is om die verskillende vervaardigers en verspreiders uit te nooi om hulle werktuie te kom demonstreer.

Die werktuie sluit snyers, harke, deurlugters en balers in, en na-tuurlik ook die wiele wat die sleepwerk doen. Demonstrasies bly die fokus van die dag en boere benut die geleentheid om agter die masjiene aan te loop, die snywerk en harkwerk te bekyk en die bale te bevoel vir die perfekte digtheid en stewigheid.



Toeskouers by die Balfour Hooidag staan reg om te kyk watter snyer, hark of baler hulle plaas toe wil vat.

Hooitoerusting uit elke stal

Met tegnologie wat voortdurend uitbrei, beteken dit dat elke hooidag spog met nuwe verbeterings en bekendstellings. Veral na die tweejaar-onderbreking kon maatskappye spog met toerusting wat nog nie vantevore vertoon is nie.



Balfour Hooidag het goed gegroei van die eerste hooidag twaalf jaar gelede waar net 'n handjievol maatskappye opgedaag het, tot vanjaar se reuse skouspel.



Die KE 520 Kayhan Ertugrul-vierkantbaler van Jupidex het heelwat aandag getrek met sy gladde deurvoeraksie wat tot 280 bale van tussen 20 en 35 kg per uur kan uitspoeg. Die bale is 360 X 460 mm groot en kan in lengte wissel van 300 tot 1 350 mm.

Vervaardigers en verspreiders wat teenwoordig was, sluit in JWL, Jupidex, Landini, Valtrac, TWK, New Holland, Kubota, John Deere, Orbach Agri, Northmec en CASE IH.

Landboumaatskappye het ook stalletjies opgeslaan waar boere meer inligting kon kry oor ander toerusting en veeprodukte soos dierevoeding, waterberging en dieregesondheid.

By CASE IH se mooi, rooi standplaas kon boere meer inligting kry oor die waarde daarvan om trekkers en werktuie uit dieselfde stal te gebruik wat ontwikkel is om saam met mekaar te werk.



CASE IH sê die rondebaler, RB 344, kan binne een minuut 'n baal van 1 200 X 1 250 mm rol en toedraai. Die baler se grootboet, die RB455 het 'n paar dae later by die balerwedstryd by Parys die spoedafdeling gewen.

Jupidex was een van min uitstallers wat gewys het wat vierkantbalers vir boere kan bied. Hulle het onder meer die oranje KE 520 Kayhan Ertugrul-baler, wat tot 280 bale per uur kan uitspoeg, gedemonstreer.



CLAAS se Rollant 520 RC vastekamerrondebaler het beïndruk met sy 2,1 meter wye optelmeganisme wat grondglooiings volg, selfs teen hoë werkspoed en in draaie.



Die room van New Holland se produkte was die selfaangedrewe Speedrower 200 Plus. Wanneer jy nie hooi sny nie, kan jy die koringstropertafel haak en platsny met dieselfde masjien.



Valtrac het gewys watter gedugte span die Pöttinger NovaCat Alpha Motion 301 en Pöttinger NovaCat 352 in kombinasie voor en agter die trekker vorm. Die 352 kan vertikaal opgelig word om deur nou ruimtes te beweeg om skerp te draai op die wenakker.



'n Stewige baal begin met 'n goeie voorraad gras en met Orbach Agri se reeks harke kan 'n boer nie verkeerd gaan nie.



Boere kon kyk hoe skoon sny die kragtige Maschio-kantsnyer. Daar is modelle wat van 2,6 tot 3,4 m wyd kan sny.



Fakkels as simbool van volharding en geloof is aangesteek op 'n monument wat opgerig is ter viering van die tiende Balfour Hooidag.

Valtrac, al die pad van Parys, het verskeie produkte gedemonstreer. In een van die indrukwekkende demonstrasies is gewys hoe die Pöttinger NovaCat Alpha Motion 301 en Pöttinger NovaCat 352 Vertical-snyer saam 'n gedugte span vorm om dubbelwerk in 'n jap trap te voltooi.

New Holland het sy reputasie vir die lewering van digte, stywe bale gestand gedoen met 'n demonstrasie van die New Holland 125-vastekamerrondebaler. Dit was egter die selfaangedrewe New Holland Speedrower 200 wat veral die aandag getrek het.

Meer as net 'n hooidag vir Balfour

Die geleentheid is 'n belangrike instelling vir die dorp en veral die skole met hulle kosstalletjies kan broodnodige inkomste verdien.

Balfour Boerevereniging is by TLU SA geaffilieer en by die organisasie se tent is boere herinner aan die belangrike rol wat hulle speel in Suid-Afrika se boeregemeenskap.

Teen middagete is 'n gewyde seremonie gehou om die tiende verjaardag van die hooidag te vier. Fakkels is aangesteek as simbool van die volharding en geloof wat 'n boer moet hê om saad te plant en te vertrou dat dit vrug sal dra.

CORDLESS INNOVATION

OUTDOOR POWER EQUIPMENT

- EASE of use
- ZERO Emissions
- LOW Noise

Live Green & Grow Strong

18V 1.5, 3.0, 5.0 and 6.0 Ah batteries sold separately.

3 Charger models also sold separately.



Makita 18V Batteries for your OPE tools and more . . .

Rutherford
a member of the Hudaco group

MakitaPowertoolsSA

For more info.or your nearest Makita dealer contact Rutherford:
JHB: 011 878-2600 • CT: 021 932-0568 • DBN: 031 717-6400

www.makita.co.za

Naelbyt-stryd by die jaarlikse King Price Balerwedstryd

deur Redaksie

KingPrice INSURANCE

Op julle merke ... gereed ... baal!





So lyk die wenner in die veranderlikekamer-afdeling in aksie. Dit is 'n Case RB 455-veranderlikekamer-rondebaler en voor hom is 'n Case Puma 155-trekker. Die operateur is Schalk Oosthuizen, en saam in die kajuit is JP Adlam.



Die groen gevaar. Fendt se 720 Vario sleep die naaswenner in die veranderlikekamer-afdeling, die McHale V6 750. Kyk net die netjiese, stewige bale agter hom. Die operateur was Christopher Laubscher van Jupidex.

'n Opwindende byeenkoms op die landboukalender is die King Pice Balerwedstryd wat in samewerking met FarmSpace aangebied word. Vanjaar het boere en deelnemers die gietende reën en bewolkte weer getrotseer om te sien wie bekroon gaan word as die wenner van die jaarlikse balerwedstryd.

Die Balerwedstryd vind buite Parys plaas waar die grootste name in die vervaardiging van baaltoerusting teen mekaar meeding en teen tyd jaag om die meeste ton gebaalde hooi per uur te lewer.

Verlede jaar het Vermeer se 404-vastekamerbaler en 504-veranderlikekamerbaler eerste en tweede plek verower.

Die wedstryd vind plaas op spilpuntlande waarop lusern geplant is en elke vervaardiger se topmodelle in baaltoerusting word tot op hulle grense getoets in terme van spoed, doeltreffendheid en krag.

Dit is nie nét 'n wedstryd nie, maar ook 'n geleentheid vir die maatskappye om hulle nuutste tegnologie en vernuwings ten toon te stel en om moontlikheidsgrense in die wêreld van baaltoerusting te verskuif. Dit is 'n kans om te sien hoe die heel beste masjiene en vaardige baalmasjienjokkies hulleself tot die uiterste beproef om te kan wen.

Die spanning het hoog geloop terwyl die deelnemers teen die horlosie baal om op die vorige jaar se gehalte bale te verbeter en om die titel vir vinnigste en beste baaltoerusting te verower. Die punte word uitgewerk deur 'n kombinasie van ton per uur en baaldigtheid.

Case IH het behoorlik hulle staal gewys en skoonskip gemaak met hulle nuwe balerreeks. Case IH se RB 455-baler, gesleep deur 'n Case Puma 155, het die veranderlikekamer-afdeling gewen. Case het ook tweede plek in die vastekamer-afdeling behaal met hulle RB 545-baler gesleep deur 'n Case Maxxum 125.

Kuhn het ook koning gekraai met hulle FB 3130-baler wat die vasteka-mer-afdeling gewen het. Die baler is gesleep deur 'n Valtra N175V.

Kuhn se VB 3160-baler, gesleep deur 'n Valtra T195V, het ook die derde plek in die veranderlikekamer-afdeling behaal.

Die McHale V6 750 het in Case se nek geblaas en kort op hulle hakke in tweede plek in die veranderlikekamerbaler-afdeling geëindig. Die groen gevaar is deur 'n Fendt 720 Vario gesleep.

Die Krone Comprima F 125-baler, gesleep deur 'n John Deere 6R 185, het 'n welverdiende derde plek in die vastekamer-afdeling behaal.

Jy kan sakke vol geld bespaar deur die regte baler te kies.



Kuhn se VB 3160-baler het die derde plek behaal in die veranderlikekamer-afdeling, gesleep deur 'n Valtra T195V. Die operateur was Devin Dedwith van Valtrac.

Assembled in South Africa, engineered for tough local conditions and priced to deliver maximum value, you will be hard-pressed to find a better deal than this Powerstar VX 2642. Built to power your project, forward.

- 420 Horsepower
- Max Torque –N.m @ r/min 1750/1300-1400
- 12 Speed Transmission
- Hub Reduction Axles
- Double Circuit Airbrakes
- PTO
- 3 Years / 300 000km Warranty (South Africa only)



VX 2642 6x4 40m³
INTERLINK SIDE TIPPER

VALID IN S.A ONLY. T'S & C'S APPLY. PRICES EXCLUDES VAT, ON-ROAD COSTS & LICENCE FEES. OFFER VALID WHILE STOCKS LAST.

Gauteng:
Centurion +27 12 940 1750
Jetpark +27 11 390 8160

Limpopo:
Polokwane +27 78 265 4673
Tzaneen +27 15 307 5000

Western Cape:
Brackenfell +27 21 981 2000
Milnerton +27 86 117 6937

Kwazulu-Natal:
Empangeni +27 35 772 1739
Pietermaritzburg +27 33 846 0590
Pinetown +27 31 700 1222

Mpumalanga:
Ermelo +27 17 811 5181
Middelburg +27 13 120 4010

Northern Cape:
Kathu +27 76 207 3934
Kimberley +27 79 698 3222

Eastern Cape:
Gqeberha +27 41 453 1810

POWERSTAR
trucks built to last

EVERSTARINDUSTRIES.COM.

EVER STAR INDUSTRIES
Driven by Vision. Powered by Strength.

BISA
BIO-INSECTARIES SOUTH AFRICA
OMGEWINGSVRIENDELIKE PLAAGBEHEER



Onoortreflike gehalte en professionele diens - in Suid-Afrika geteel vir Suid Afrikaanse vlieë



SUKKEL JY MET VLIEË?

- Vliegbeheer op die natuurlike manier.
- 'n Bemarkingsvoordeel deur omgewingsvriendelike landbouproduksie.
- Langtermyn ekonomiese voordele.
- Minder chemiese besoedeling.

HOE DIT WERK:

Vliegparasiete (*Muscidifurax raptor*) word in 'n insektarium geteel en is beskikbaar in pakkies van 5 000. Hierdie parasitiese wespes word gereeld by vliegbroeiplekke op die plaas losgelaat. Die volwasse wesp steek die papie van die vlieg, dood dit in die proses en lê eiers in die papie. Die eiers teer op die dooie vliegpapie en ontwikkel 'n wespe. Die wespe broei binne 19-21 dae uit en begin dan die soektog na vliegpapies as voedsel en waarin hulle kan eiers lê.

BISA het agente landswyd.
Vir meer inligting, kontak:

Arno Moore (PhD) *Besturende direkteur*
083 270 4866 I arno@bioinsectsa.com

Helouise Rumbles *Kantoor*
083 566 4784 I bisa@bioinsectsa.com

Die finale uitslae in sowel die vaste- as die veranderlikekamer-afdelings was:

Balerwedstryd 2023 resultate: Veranderlikekamerbaler-afdeling					
Posisie	1	2	3	4	5
Baler model	CASE IH RB455	McHale V6 750	Kuhn VB 3160	MF RB 4160V	Vermeer 504 Pro
Totale baaldigtheid (kg/m³)	460,9	507,7	497,8	449,1	Nie voltooi
Totale ton per uur	102,51	65,65	66,32	72,89	Nie voltooi
Totale berekende punt	47,69	41,02	40,68	37,89	0,00

Balerwedstryd 2023 resultate: Vastekamerbaler-afdeling								
Posisie	1	2	3	4	5	6	7	8
Baler model	Kuhn FB 3130	CASE IH RB 545	Krone Comprima 125	McHale F5400	MF RB 3130 F	Vermeer 404	Claas Rolant 520RF	NH Roll Baler 125
Totale baaldigtheid (kg/m3)	402,2	379,4	401,2	403,6	470,9	336,6	393,0	430,7
Totale ton per uur	65,64	66,72	57,37	47,04	35,07	52,86	31,2	16,10
Totale berekende punt	45,95	45,14	40,79	39,05	38,14	37,68	28,53	26,90



Die wenbaler in die vastekamer afdeling. Kuhn se FB 3130, was gesleep deur 'n Valtra N175V.



Case se RB 545 baler wat tweedeplek in die vastekamer-afdeling behaal het. 'n Case Maxxum 125 het die baler gesleep.



Krone se Comprima F 125 baler het die derde plek behaal in die vastekamer-afdeling. 'n John Deere 6R 185 het die baler gesleep.



Toeskouers bekyk die bale van hoek tot kant.

Jumanje
Excellent service and minimum downtime is our priority!
AGRICULTURE • AUTOMOTIVE • CONSTRUCTION • MINING
BLOCKS, CRANKSHAFTS, CYLINDER HEADS, CAMSHAFTS, HOUSINGS, TURBOS, 8PK BELTS, FILTERS, & MORE.
25 YEARS CUMMINS EXPERIENCE
FOR ALL YOUR CUMMINS-RELATED ENGINE COMPONENTS
4/6B series, C series, L8.9 & L9 series, ISB, ISX, ISC, QSB, QSC, QSX, ISF 2.8, ISF 3.8, B3.3, QSB 4.5, and more.
Carradine Varkevisser
060 525 9943
carradine@jumanje.co.za
Office
011 976 1242 / sales@jumanje.co.za
Michael: 063 753 6466
Facebook & Instagram
@jumanje4u

FAW TRUCKS

www.faw.co.za

NEW YEAR SUPER SAVING



8.140FL-AT WAS R439 000 EXCL. VAT

NOW R409 000* EXCL. VAT

LIMITED TIME & LIMITED UNITS AVAILABLE ON OFFER

FAW Head Office: 45 Brabazon Road, Isando, Gauteng
marketing@faw.co.za

SCAN THE QR CODE TO FIND YOUR NEAREST FAW DEALER



Baal mooi hooi met Massey Ferguson se pasmaattoerusting

deur Maryna Steyn



Massey Ferguson se 1840-kleinblokbaler bied 'n unieke inlyn-ontwerp wat dit gesog maak onder boere regoor Afrika.

Massey Ferguson se trekker-en-werktuig-pasmaats het oor die jare diep spore getrap in boerderye regoor Suid-Afrika. By die onlangse balerwedstyd by Parys en die Balfour Hooidag is weer bewys dat Massey Ferguson die boer eerste stel deur te dink aan sy gerief, sy werksverrigting en sy beursie. Veeboere kan ook die voordeel geniet van doeltreffende tegnologie wat styl en gemak balanseer – binne 'n bekostigbare prysklas!

"Vir Massey Ferguson gaan dit oor die oorspronklike trekker," sê Ryan Clark, AGCO se laeperdekragprodukbestuurder vir Afrika. "MF was die ontwerper van die moderne trekker. Vanaf die drie-punt-ontwerp, tot vierwielaandrywing en selfaangedrewe stropers, die handelsnaam bly op die voorpunt van tegnologie. Ons streef altyd daarna om tegnologieleiers te wees deur aan te hou ontwikkel en groei.

"Ons kyk hoe ons boere se lewe vir hulle makliker kan maak, sodat hulle ook op die ou end meer geld in hulle sakke kan steek."

Dit is juis die grondslag van die MF Global-reeks trekkers. Die reeks bestaan uit verskeie veelsydige trekkers van verskillende groottes wat by uitstek geskik is vir laai-, sleep- en baalwerk.

Tydens die balerwedstryd het die MF 4708-kajuittrekker gewys presies waarom hierdie laeperdekragtrekker onontbeerlik is. Dit vorm 'n uitstekende span saam met die baaltoedraaier.

Goeie spanwerk met MF se baaltoedraaier

"Nie net is Massey Ferguson die oudste trekkervervaardiger ter wêreld nie, ons bied ook nou 'n volledige reeks hooitoerusting aan wat elke boerdery kan pas," verduidelik Nardu Schutte, AGCO se produkbestuurder vir hooitoerusting. "Dit bestaan uit snyers, harke, deurlugters en 'n versameling balers."

Die balers sluit in kleinblokbalers, groot rondebalers (vastekamer- en veranderlikekamerbalers) en grootpakblokbalers.

"Die baaltoedraaiers sluit mooi aan by die rondebalers, veral as jy kuilvoer wil maak," noem Nardu.

Daar is twee baaltoedraaiers beskikbaar: TW 130 en TW 160.

Die TW 130 is die intreevlak, semi-outomatiese model met hidrouliese beheer wat maklik vanuit die kajuit bestuur word. Die model hanteer bale van 0,9 m tot 1,3 m deursnit wat tot 1 000 kg weeg.

Die TW 160 is vol outomaties. "Dit verskaf heeldag se moeitelose baaltoedraaiplesier," sê Nardu. Die model kan bale van 0,9 m tot 1,6 m deursnee hanteer met 'n maksimum gewig van 1 250 kg.



Nardu Schutte vertel hoe die MF 1840 blokbaler se unieke sentrale inlynontwerp baalwerk maklik maak.

Waarde vir geld met die MF 1840 blokbaler

Die Massey Ferguson 1840-kleinblokbaler is volgens Nardu hulle trots. Die gesogte baler het aandag getrek regoor Afrika met sy unieke sentrale inlynontwerp. Die baler loop reg agter die trekker vir beter balans en minder grondvastrap, en die hooi word gladweg deurgetrek van die opteller voor tot die blok wat agter neergelaat word.

"Die hidrouliese baalkamer is ook een van die MF 1840 se kenmerke wat uitstaan omdat dit jou 'n baie groot kapasiteit gee en dit gerieflik is om mee te werk," sê Nardu.

Boonop bied hierdie model die breedste optelvermoë vir kleinblokkiebalers op die mark, naamlik 1,9 m. Die laeprofieloptteller met stelwiele volg grondglooiings vir skoon optelwerk.

Spesiale aanbod op MF Global-trekkerreeks!

Massey Ferguson bied van begin Februarie af 'n spesiale aanbod op die hele Global-trekkerreeks. Boere ontvang 'n prima minus 5% afslag op op al die trekkers in die reeks.

"Ons is baie opgewonde oor hierdie nuwe afslag-aanbieding," vertel Ryan. "Dit is net nog 'n manier wat ons boere help om meer winsgewend te boer en uiteindelik daardie Massey Ferguson waaroor hy al jare droom aan te skaf."

MF het 'n uitgebreide handelaarsnetwerk van meer as 40 handelaars regoor Suid-Afrika wat gereed staan om boere te help om die regte trekker en werktuig vir elke taak te vind met al die naverkopediens en onderdele wat nodig mag wees.



Die TW 160-baaltoedraaier agter die MF 4708-kajuittrekker tel die rondebaal netjies op en rol dit na sy toedraaiplatform.



Vir meer inligting, besoek www.masseyferguson.co.za om vandag nog 'n kwotasie vir jou trekker te kry!

STEWARTS & LLOYDS

Market Leaders in several industries

A trusted name. An established reputation.

We offer a wide range of hardware products for all your needs!



Welding Helmet- Auto Dark
940 30001
R295.00



Pinnacle MIGARC 195
906 40088
R2799.00



Pinnacle INTRUARC 141
906 00012
R850.00

WHILE STOCKS LAST



Trade Professional Angle Grinder 950w
MCOP1814
Excludes disc
921 14100
R645.00

DTS Afriglide Gate Motor Kit
Afriglide 500 gate motor including remotes,
2 x 2 metre rack
& padlock
935 20139
R3999.00







eco rubber rubberised sealer™

A RANGE OF SMART WATERPROOFING SOLUTIONS



Eco Rubber™ is an acrylic polymer emulsion coating which provides exceptional adhesive, elastic & protective properties.

Highly flexible | Resilient | Controls rust | UV & water resistant | Resists fading | Seals joints | Good coverage | Long lasting | Easy application

www.stewartsandlloyds.co.za

Case IH se mooi rooi baler WEN die 2023-balerwedstryd



deur Natasha Pansegrouw

Die wenner in FarmSpace se balerwedstryd, die Case RB 455-veranderlikekamerrondebaler, toon hier sy baasskap agter 'n Case Puma 155-trekker.

Die droom van elke boer, bees en skaap is goeie, gesonde, voedsame voer wat in ’n netjiese, stewige baal saamgepers is om vervoer en hantering te vergemaklik en om smaak en voedingswaarde te behou. Presies sulke voortreflike bale kon onlangs gesien word by FarmSpace se balerwedstryd, geborg deur King Price.

Maar meer nog: Boere en kontrakteurs kon met hulle eie oë sien hoe flink die werktuie werk om hierdie bobaasbale te skep. Die uitdaging was vanjaar ekstra groot, want die balers moes met sopnat gras werk.

Die wenner!

Daniel Dames, produkspesialis van Case IH Suider-Afrika, verklaar trots: "Vandag is Case baie trots om die eerste plek in die veranderlikekamerbaler-afdeling met ons RB455-baler en tweede plek in die vastekamer-afdeling met die RB545-baler te verower."

RB 545-vastekamerrondebaler

Die nuwe RB545 is 'n hoëkapasiteitbaler wat bale van 1,25 meter deursnee maak. Hy baal hoë- of lae-droëmateriaal gras en strooi ewe goed.

’n Baler kan so wonderlik wees as wat hy wil, maar as hy nie die materiaal in die windry flink en volledig kan optel nie, help alles niks. Daarom het die RB545 ’n drukroller wat voor die opteller loop om die windry effens plat te druk sodat die materiaal meer kompak kan wees vir die optelslag. Nou tel die opteller materiaal op en nie wind nie, wat ’n veel egaliger invoer verseker.

Die opteller werk 2,2 wyd met sy taai tande van 5,5 mm hoësterktestaal.

Standaard rotorsnyer

Jy kan kies hoe fyn of grof die materiaal gekerf moet word voordat dit in die baal beland deur tien, twintig of met 'n handlemkieser kan jy tien van die twintig lemme laat werk, of die ander tien of al twintig.

Verstoppings is onwaarskynlik, maar as dit sou voorkom, raak die valvloer maklik en gou daarvan ontslae.

Baalkamer

Daniel sê die baalkamer het agttien geprofileerde swaardiensrollers wat deur outomaties gesmeerde swaardienskettings aangedryf word om ’n lang lewensduur te verseker. Die kamer beskik oor sterker, koudgevormde kamerrolle. ’n Nuwe 10-kerfoppervlak laat die baal draai ongeag toestande of materiaal sonder om op die net vasgevang te word.

“Die rollers loop in brassbuste wat deur ’n smeermiddel bedek word deur die outomatiese smeringstelsel. Dit verseker dat die buste ’n baie langer leeftyd het,” verduidelik Daniel.

Vingerpuntbeheer

ISOBUS-terminale beheer die hoof-funksies van Case IH RB545- en RB545-vastekamerrondebalers.

Die Case IH AFS 700-terminaal is die perfekte vennoot. En dit is so maklik: Prop net jou baler in jou Case-trekker met die Pro 700-skerm, en die sagteware installeer vanself. Hierdie stelsel laat jou maklik baaldigtheid, netvoer, olie- en smeermiddelhoeveelhede aanpas vanuit die gerief van jou trekkerkajuit.

“Dit maak nie saak wat die toestande is nie, die Case-baler sal altyd meer bale van ’n hoër gehalte per dag maak. Hierdie gemoedsrus is iets wat elke boer wat 'n Case-produk aankoop kan hê,” sê Daniel.

RB 455-veranderlikekamer-rondebaler

Hierdie baler produseer bale met ’n deursnee wat wissel van 0,9 tot 1,5 meter. Nuwe optellers met vier of vyf stawe tel swaar materiaal 2,35 meter skoon, flink en vinnig op en voer dit gladweg deur die voeropening vir tot 25% meer kapasiteit.

Hoë werkverrigting

Die RB455 met sy vyftien veerbelaaide kerflemme wat uit die trekkerkajuit beheer word maak digte bale, wat hantering en stapeling makliker en vervoer lonender maak en voedsaamheid behou.

Vingerpuntbeheer

Die Case IH AFS Pro 700-raakskerm-terminaal, is beskikbaar in groter Case IH-trekkers, maar jou handelaar kan dit ook in ander modelle installeer. Dit beheer RB455- en RB465-rondebalers. Die AFS Pro 300-skerm kan in tot ses afdelings verdeel word om jou belangrikste inligting te vertoon.

Daniel se boodskap aan boere en kontrakteurs is: "By Case IH sal ons as produkspesialiste en die handelaarsnetwerk altyd daar wees om jou te ondersteun, en ons verseker jou van die gehalte van ons werktuie."

Praat met die Case IH-handelaar in jou gebied of besoek na **www.caseih.co.za** vir rondebalers wat presies aan jou vereistes voldoen.



Case se RB 545-vastekamer-rondebaler, getrek deur die Puma 140, het tweede geëindig in sy afdeling.

OCMIS

CHOOSE FROM OUR WIDE RANGE OF
TRAVELLING IRRIGATORS.



VYRSA

IRRIGATION & MANURE GUNS
High quality range





IRRIGATION UNLIMITED

sime

QUICK COUPLING PIPES & FITTINGS
Locally Manufactured



- BUTTERFLY & WAFER VALVES
- CAMLOCK FITTINGS
- CLAMPS
- COMPRESSION & SADDLES
- FITTINGS FOR PVC PIPES
- FLANGES & JIS
- MALLEABLE FITTINGS
- MULTI RANGE FITTINGS
- POLY PROP FITTINGS
- QUICK COUPLING FITTINGS
- QUICK COUPLING ACCESORRIES
- RAIN BIRD
- VALVES & BRASS FITTINGS
- SOLVENT WELD
- SOUTHERN CROSS
- TRAVELLING IRRIGATORS
- TANK CONNECTORS
- SIME GUNS
- VYRSA

WHOLESALE SUPPLIER AND DISTRIBUTOR OF A WIDE RANGE OF IRRIGATION PRODUCTS

TOMMY · GOLD MEDAL · MING · VENICE · OYA

FOR YOUR NEAREST DEALER, CONTACT:
PTA +27 12 736 2121 | CPT +27 21 946 1194

Tobie Van Den Heever
+27 82 658 6054

Henko Cilliers
+27 71 303 8829

www.iunlimited.co.za

NUUTSTE LANDBOUTEGNOLOGIE:

Die jongste tegnologienuus van regoor die wêreld

LEMKEN koop Equalizer

'n Groot hupstoot vir Equalizer, die plantervervaardiger van Kaapstad, was onderhandelinge wat daarop uitgeloop het dat LEMKEN die maatskappy koop. Equalizer vervaardig fynsaadplanters met 'n werkwydte van tot 24 m en presisieplanters van tot 36 rye.

Equalizer is soos LEMKEN 'n familiesaak. Dit is in 2000 gestig en het tans 180 werknemers. Equalizer is Suid-Afrika se markleier in presisieplanters en is ook baie gewild in Australië.

LEMKEN se HUB, Anthony van der Ley, sê Equalizer vul LEMKEN se planterreeks uitmuntend aan en is 'n belangrike bousteen vir verdere groei.

"Daar is geen oorvleueling in ons reekse nie," sê hy. "Equalizer bied oplossings vir klante en markte wat LEMKEN tot dusver nie kon bedien nie. Equalizer bevorder ons groeistrategie deur 'n leemte in ons produkreeks te vul met hulle planters en kleinsaadplanters – ook met hulle saad- en kunsmiswaens."

Die oorname sal na verwagting teen die lente voltooi wees en die twee maatskappye sien daarna uit om die aanleg in Suid-Afrika uit te brei. Die eerste uitbreiding is die beduidende vergroting van die onderdelelogistiek in 2023.

Al Equalizer se plaaslike personeel sal behou word, so ook die handelsnaam, en die huidige bestuur sal voortgaan om die maatskappy as 'n onafhanklike filiaal te lei.

"Ons sien groot moontlikhede vir nuwe produkte met LEMKEN aan ons kant en ons sien uit na ons toekomstige samewerking," sê Gideon Schreuder, Equalizer se stigter en besturende direkteur.

Karel Munnik, besturende direkteur van LEMKEN SA, sê hulle is baie opgewonde oor die ontwikkeling, want dit sal albei maatskappye in staat stel om vinniger te groei.

Die nuus is in 'n video deur LEMKEN aangekondig.



LEMKEN se HUB, Anthony van der Ley, en die eienaar, Nicola Lemken, saam met Equalizer se besturende direkteur, Gideon Schreuder.

Klink 'n glasie op uitmuntende ontwerp

New Holland se Wydsbeentrekkerkonsep het 'n goue medalje gewen in die kategorie vir Uitmuntende Produkontwerp by die Duitse Ontwerptoekennings 2023. Die toekennings word gemaak deur die Duitse Ontwerpraad, Duitsland se ontwerp- en handelsmerkowerheid wat in Frankfurt am Mein gesetel is. Die beoordelaars vorm 'n netwerk van kenners in vernuwing en ontwerp.



Die Wydsbeentrekker wat by SITEVI (*salon international des équipements et savoir-faire pour les productions vignevin, olive et fruits-légumes*) bekendgestel is, is 'n gesamentlike skepping van New Holland Landbou en Pininfarina, die internasionaal erkende ontwerpers wat ook vir Ferrari se ontwerpe verantwoordelik is.

'n Video wat duisende kere regoor die wêreld gekyk is verduidelik hoe dit werk. Die doel met die ontwerp is om in smal wingerde te werk.

Hierdie boerderye lewer druiwe en wyn van hoë gehalte uit rye van minder as anderhalf meter, dikwels op steil hellings en in klein wingerde. In hierdie toestande word druiwe met die hand gepluk en die meeste van die wingerdonderhoud word gedoen met 'n trekker wat wydsbeen oor die ry beweeg.

Die toekomsgerigte ontwerp van Pininfarina kombineer veiligheid, gerief en tegnologie: dit spruit uit die vorm van 'n vonkelwynglas – hoog, wyd bo en al dunner na onder – as hulde aan New Holland se Wydsbeentrekkerkonsep het 'n goue medalje gewen in die kategorie vir Uitmuntende Produk-ontwerp by die Duitse Ontwerptoekennings 2023. Die toekennings word gemaak deur die Duitse Ontwerpraad, Duitsland se ontwerp- en handelsmerkowerheid wat in Frankfurt am Mein gesetel is. Die beoordelaars vorm 'n netwerk van kenners in vernuwing en ontwerp.

Die Wydsbeentrekker wat by SITEVI (*salon international des équipements et savoir-faire pour les productions vignevin, olive et fruits-légumes*) bekendgestel is, is 'n gesamentlike skepping van New Holland Landbou en Pininfarina, die internasionaal erkende ontwerpers wat ook vir Ferrari se ontwerpe verantwoordelik is.



Quality Poultry **Crates**


Crates



SPACE SAVER LIVE BIRD CRATE



CLASSIC LIVE BIRD CRATE



CHICK CRATE

Crates



REVERSE STACK EGG CRATE



CLASSIC EGG CRATE



CLASSIC FREEZER CRATE



SQUARE FOOT BATH

See our wide range of products at **www.poltek.co.za**

POLTEK CRATE DIVISION
Tel: 0861 POLTEK (765835) I 011 866 1240 I www.poltek.co.za
e-mail: sales@poltek.co.za I quotes@poltek.co.za I 1456 Bevan Road, Roodekop, Germiston
POLTEK®/Custom Moulders® and the POLTEK® logo are all registered trademarks of Custom Moulders®. E&OE
PASA272398/QC

AVAILABLE AT YOUR LOCAL DISTRIBUTOR

POLTEK®
LEADERS IN PLASTIC POULTRY TECHNOLOGY





'n Video wat duisende kere regoor die wêreld gekyk is verduidelik hoe dit werk. Die doel met die ontwerp is om in smal wingerde te werk.

Hierdie boerderye lewer druiwe en wyn van hoë gehalte uit rye van minder as anderhalf meter, dikwels op steil hellings en in klein wingerde. In hierdie toestande word druiwe met die hand gepluk en die meeste van die wingerdonderhoud word gedoen met 'n trekker wat wydsbeen oor die ry beweeg.

Die toekomsgerigte ontwerp van Pininfarina kombineer veiligheid, gerief en tegnologie: dit spruit uit die vorm van 'n vonkelwynglas – hoog, wyd bo en al dunner na onder – as hulde aan die voorste wynboere van streke soos Champagne, Médoc en Boergondië. Die hele kajuit is van glas gemaak, wat die operateur in staat stel om oral te sien, en dit neig in die ryrigting, wat dinamiek aan die ontwerp verleen.

Die algehele aanblik van die werktuig getuig van vloeiende en selfbewegende lyne. Die blootgestelde raam sorg vir 'n sportiewe voorkoms.

Die kajuit het 'n groot enkeldeur en 'n roterende sitplek, met houtafwerking wat aan wynvate herinner en bydra tot die kajuit se snoesige, weelderige gevoel.

Getrou aan New Holland se verbintenis aan alle aspekte van volhoubare boerdery en die handelsmerk se Skoonenergieleierstrategie, is die konsep gereed vir elektriese aandrywing.

Carlo Lamblo, handelsmerkpresident van New Holland Landbou, sê: "Die rewolusionêre Wydsbeentrekkerkonsep is die resultaat van samewerking tussen twee spesialiste in hulle onderskeie gebiede en bied elegante ontwerp, uitstaande vernuwing en toekomsgerigte denke vir landboumasjiene. Dit is 'n eer vir New Holland om hierdie onverwagte toekenning te ontvang, en dit spoor ons aan om nog meer veilige, gerieflike, goed-ontwerpte werktuie van hoë gehalte te ontwikkel."

Alfredo Palma, hoofvervoerontwerper, sê: "Die toekomsgerigte ontwerp van die Wydsbeentrekkerkonsep is 'n gebalanseerde mengsel van funksionaliteit en styl, waar gerief en veiligheid besiel is deur die vorm van 'n vonkelwynglas. Ons is trots op die samewerking met New Holland, en die verwerwing van die Duitse Ontwerptoekenning onderskryf die grootse resultaat wat ons saam behaal het." (Bron: World-Agritech)

Verleng die lewensduur van jou tande en skottels



Bourgault Tillage Tools het Maxlife, 'n ingegote wolframkarbiedbehandeling, ontwikkel om die leeftyd van grondbewerkingsonderdele te verleng. Dit is verkrygbaar van die Kanadese maatskappy se filiaal in die VK (BTT UK). Toetse bewys dat dit beitels en skottels se lewe met 300 tot 800% verleng.

Die smeltwarm sweisbad bevat soliede klonte wolframkarbied. Wanneer dit gelykweg oor die werkvlak van die slytonderdeel versprei word, is dit uiters sterk en skerf of splinter nie af wanneer dit aan harde skokke blootgestel word nie.

Ian Clayton-Bailey, besturende direkteur van BTT UK, sê: Dit is 'n kostedoeltreffende behandeling vir hoëslytvlakke van 'n wye reeks onderdele, en is reeds bewys op egtande, skare, penne, skagte, beitels en skottels.

"Ons maatskappy se dertig jaar ervaring in geharde onderdele kom in die huidige sakeklimaat werklik na vore.

"Dit is noodsaaklik vir sukses om 'n groot en veelsydige reeks onderdele te hê in lande soos die VK met sy uiteenlopende grondtipes, klimaat en topografie oor 'n relatief klein grondoppervlakte."

Die maatskappy het ook die reeks werktuie wat met sy VOS-plantstelsel kan werk, uitgebrei. (VOS = *Versatile Opening System*) Dit werk al etlike jare op die Horsch CO en Sprinter-planters, maar is nou ook beskikbaar as 'n omskakeling vir die Weaving Sabre Tin-, Amazone Cayena- en Kuhn Megantplanters. (Bron: profi)

ExactShot skiet raak met kunsmis

Die ExactShot-planter/kunsmistoediener is een van die interessante nuwe tegnologieë wat John Deere by CES 2023 onthul het - die voorste tegnologieskou wat in Las Vegas gehou is. Dit dien aanvangsbemesting presies op elke indiwiduele saad toe. Dit sal boere help om meer produktief, winsgewend en volhoubaar te wees.

"Alles wat ons by John Deere doen is afgestem op werklike doel en werklike




impak," het Jahmy Hindman, hoof tegniese beampte, John Deere, gesê. "Dit beteken ons ontwikkel tegnologie wat ons kliënte in staat stel om die voedsel, brandstof, vesel en infrastruktuur te verskaf wat ons groeiende wêreldbevolking nodig het."

ExactShot stel boere in staat om die hoeveelheid aanvangsbemesting wat benodig word tydens plant met meer as 60% te verminder. Die tegnologie gebruik sensors en robotika om kunsmis presies op sade te plaas soos dit in die grond geplant word, eerder as om 'n deurlopende vloei van kunsmis op die hele ry sade toe te dien.

ExactShot sal boere help om ekonomies en omgewingsvriendelik te boer. Met die wêreldbevolking wat na verwagting teen 2050 van 8-miljard tot byna 10-miljard sal groei, moet boere hulle produksie met 60% tot 70% op vandag se bewerkbare grond verhoog.

ExactShot gebruik 'n sensor om te registreer wanneer elke saad in die grond gaan. 'n Robot spuit slegs die hoeveelheid kunsmis wat benodig word, ongeveer 0,2 ml, op die saad op die presiese oomblik wanneer dit in die grond gaan.

Amerikaanse mielieboere kan met ExactShot jaarliks meer as 352-miljoen liter aanvangsbemesting bespaar. Dit verhoed ook dat vermorste kunsmis onkruidgroei aanmoedig en verlaag die risiko van kunsmis wat van die veld af in waterbronne beland. (Bron: World-agritech.com)





deur Maryna Steyn

Massey Ferguson: Meganisasie wat ekonomies sin maak

Massey Ferguson-trekkers bied drie belangrike voordele aan die boer: uitstekende brandstofverbruik, tegnologies gevorderde werksverrigting en naverkopediens wat werklike verhoudings bou. Dit is juis waarom boere soos die Wiggill-familie weer en weer op dié rooi werktuie staatmaak.

Cliffed Wiggill boer saam met sy pa, Clive, tussen Vivo en Alldays in die verre noorde van die land. Daar boer hulle met aartappels en botterskorsies wat hulle aan twee van die groot kettingwinkelgroepe voorsien. Cliffed se vrou, Theressa, behartig die plaas se geldsake.

Clive en sy vrou Marietjie het in 1992 die plaas gekoop. Aanvanklik was dit net 'n beesplaas, maar hulle het dit stadigaan uitgebrei om gewasse in te sluit. Hulle het ook 'n klein wildafdeling. Daar woon nou drie geslagte op die plaas.

"Ek is bevoorreg dat ek op die plaas kon grootword," vertel Cliffed. "Dit is 'n voorreg om naby aan die natuur te wees en blootgestel te word daaraan." Deesdae bestuur hy grotendeels die boerdery aangesien sy pa, wat nou in sy sewentigs is, begin afskaal.

"Die ouderdom het my nou begin inhaal," sê Clive. "So, my seun is besig om oor te neem. Ek is net 'n helpende hand vir hom om raad te gee."

Massey Ferguson-mense al die pad

Die pad wat die Wiggill-familie saam met Massey Ferguson stap, is 'n lang een — vanaf die eerste Massey Ferguson 135 wat aan die begin tamaties help aanry het, tot nou waar daar verskeie mooi rooi trekkers op die werf is.

Cliffed-hulle plant ongeveer 300 hektaar aartappels onder besproeiing; drie keer per jaar. Botterskorsies word in die somer vanaf Desember tot Maart geplant. Elke vier tot vyf jaar word die aartappels afgewissel met sorghum.

Om dit alles moontlik te maak benodig die boerdery betroubare werktuie wat hard kan werk en min brandstof gebruik. Die Massey Ferguson-trekkers doen hoofsaaklik grondvoorbereiding. Daar is twee MF 8737-trekkers.

"Wanneer ons grondvoorbereiding doen, sleep die een 'n skeurploeg. Die ander een loop agterna met die hoëspoed dis," verduidelik Cliffed. "Dan het ons ook 'n MF 7720 wat die saadbed vorm vir die aartappels. Die MF 6711R word gebruik om die aartappels en botterskorsies te plant." Vir die aartappels gebruik hulle 'n Grimme 3-ry planter en vir die ander gewasse 'n MF 555-saadboorplanter.

"Die grotes (MF 8737's) is vir ons baie ekonomies. Die brandstofverbruik is puik," sê Clive.

"Die MF 7720 is geoptimaliseer vir die saadbedvorming deur MF Connect te gebruik en al die trekkers is deurlopend brandstofdoeltreffend," brei Cliffed uit. "Vir my is Massey Ferguson die beste waarde vir geld," noem hy. "Eerstens, die MF 8737 is 'n groot trekker van 370 perdekrag, so nie elke vervaardiger het 'n trekker van daardie kaliber nie. Nie elke vervaardiger bied ook, soos Massey Ferguson, die gehalte werktuig binne 'n bekostigbare prysklas nie. Daarom bied dié trekkers waarde vir geld. Dit is ook tegnologies goed gevorder."

Vir die Wiggill-manne is dit duidelik dat Massey Ferguson van krag tot krag groei. "Hulle trekkers word heeltyd uitgebrei en hulle ontwikkel konstant nuwe tegnologie," voeg Cliffed by.

Die resultaat van die gevorderde MF-tegnologie is sigbaar in hulle boerderypraktyke.

"In my tyd het ons nie al hierdie tegnologie gehad nie," onthou Clive. "Maar die jonger geslag het grootgeword met



Of dit nou tyd vir ploeg of oes is, die MF 8737 is die hele jaar hard aan die werk op die aartappellanderye.



Tractor Field Service se span toegewyde mense lewer eersteklas diens — van verkope tot lank na die tyd.

die goed. 'n Mens moenie agterbly in boerdery nie, jy moet byhou met tegnologiese verwikkelinge, want dit maak die boerderybestuur net makliker vir jou."

Volgens Clive is dit moeilik om in te haal as jy eers tred verloor het met tegnologiese vooruitgang in boerdery.

Die Wiggill-boere het ook al ander soorte trekkers aangeskaf en daarmee gewerk, maar nou kan hulle werklik sê Massey Ferguson is perfek vir hulle boerdery se behoeftes.

Tractor Field Services tot jou diens met Massey Ferguson

Tractor Field Services (TFS) is die noordelikste trekkerhandelaar in Suid-Afrika, gesetel in Louis Trichardt. Hierdie handelaar bedien die noorde van Limpopo wat ook die Wiggill-gesin se boerdery insluit. Daar is tans vier werktuigkundiges in diens. TFS bied ook operateursopleiding aan.

George Fogwell senior, eienaar van TFS, stap al 'n lang pad saam met Wiggill-boerdery. Hy versien Clive se trekkers reeds van voor TFS se ontstaan. "Toe Clive nog MF 165- en 135-trekkers gehad het, het ek dit vir hom reggemaak. Dit was in 1994," vertel George senior.

Sy seun, George Fogwell junior, het ook betrokke geraak by die onderneming en staan deesdae sy pa se skoene vol. "My pa het my geleer diens is alles-nie trekkerverkope nie. Want diens bring respek van die kliënt en as 'n man sien jy werk hard om hom tevrede te stel en sy toerusting in 'n goeie toestand te hou, bring dit vir hom vreugde. Dan gaan hy aanhou om jou diens te gebruik. Die moeite wat jy insit bou die verhouding."

Cliffed beaam dat puik kliëntediens en goeie menseverhoudings hand-aan-hand loop. "Daar is George baie goed; ek kan nie vir beter wens nie. Sy naverkopediens is altyd uit die boonste rakke. Jy kan hom tot op 'n Saterdag bel en hy antwoord sy telefoon."

Clive glo die belangrikste deel van 'n trekker aanskaf is om 'n fabrikaat te kies wie se naverkopediens van net soveel gehalte spreek as die meganiese vakmanskap. "Die nadiens is belangriker as die produk," brei hy uit. Die produk moet goed wees, maar sonder goeie nadiens kan jy nie vooruit boer nie.

"Clive is nougeset op gehalte," getuig George senior ook. "Alles, van trokke tot trekkers, werk soos klokslag op sy plaas," vertel hy. Dit is te verstaan dat die Wiggill-boerdery en TFS pasmaats in landbou is.

In die toekoms wil die Wiggill-familie verder vooruitboer, verder moderniseer, verder uitbrei en meer produktief boer en TFS en Massey Ferguson is sonder twyfel aan hulle sy!



George Fogwell senior, eienaar van Tractor Field Service, saam met sy seun, George junior, wat nou die leisels begin oorneem by die onderneming.



Clive en Cliffed Wiggill, pa en seun, boer naby Alldays in die verre noorde van die land. Met Massey Ferguson as vennoot is die sukses van hulle aartappelboerdery moontlik.





Die MF 7720 word gebruik om riwwe te vorm vir die aartappels.

Kyk hierdie video op YouTube

Skandeer QR-kode met jou foon

Kontak Tractor Field Service by (+27)83-415-3076, of stuur 'n e-pos aan masseyfergusonltt@gmail.com. Jy kan ook hulle webtuiste besoek by www.tractorfieldservices.co.za.

Spoor jou naaste Massey Ferguson-handelaar op deur die webtuiste te besoek by **www.masseyferguson.co.za**

WEN DUBBEL MET MASSEY FERGUSON HIERDIE FEBRUARIE



KOOP ENIGE NUWE MASSEY TOERUSTING, EN STAAN 'N KANS OM TE WEN!

'N TEN VOLLE BETAALDE BESOEK NA FRANKRYK, WAT 'N BESOEK AAN DIE MASSEY FERGUSON FABRIEK IN BEAUVAIS INSLUIT.



GLOBAL-REEKS

MF4700, MF5700 OF MF6700: 61 – 98 KW (82HP – 131HP)

FINANSIERING DEUR AGCO FINANCE

PRIMA -5%

KONTAK NOU JOU NAASTE MF HANDELAAR!

GELDIG VANAF 1-28 FEB '23. KOMPETISIE SLUIT 28 FEB '23, WENNER WORD AANGEKONDIG 15 MAART '23.

Bewys van aankoop vir hierdie kompetisie word soos volg gedefinieer: 1. Faktuur van 'n Suid-Afrikaanse Massey Ferguson gemagtigde handelaar met bewys van betaling (POP). 2. Indien dit 'n privaatverkope is, sal daar van jou verwag word om 'n bewys van lisensie en registrasie aan die betrokke registrasieowerheid te verskaf (RC1 dokument / Groenskrifte), as bevestiging dat die toerusting op jou naam is. 3. As dit 'n kleinhandel gefinansieerde verkope is, sal daar van jou verwag word om 'n getekende kleinhandelfinansieringskontrak te verskaf. 4. Om jou inskrywing in te dien, e-pos die bogenoemde dokumente na africasales@agcocorp.com

***BEPALINGS EN VOORWAARDES GELD**

SKANDEER VIR MEER INLIGTING

MASSEY FERGUSON

YARA

Knowledge grows

Kou hieraan ...

... Kimtrafos – die beste oplossing vir jou diere.

Kimtrafos 6 & 12 Grandé

Fosfaat en spoormineraalaanvulling of konsentraat vir fosfaat-arm streke.

- Beskikbaar as 'n konsentraat (P12) en klaargemengde produk (P6).
- In 'n gerieflike korrelvorm vir 'n stofvrye produk.
- Verryk met die belangrikste spoorminerale in die regte verhouding tot fosfaat.
- Aangename melasse reuk en smaak om inname te bevorder.
- Bevorder produksie en vrugbaarheid.
- Verbeter groei en skeletontwikkeling.
- Veelsydige aanwending gedurende die reënseisoen of reg deur die jaar in fosfor-arm streke.
- Geskik vir beeste, skape en bokke.

Gebalanseerde dierevoeding.





www.yara.co.za/animal-nutrition/

animal.nutrition.sa@yara.com | **Tel:** +27 (0)31 910-5100

Yara Animal Nutrition Suid-Afrika (Edms) Bpk. Reg. Nr. 2001/025850/07

Kimtrafos 6 Grandé - Reg. Nr. V23311, Kimtrafos 12 Grandé - Reg. Nr. V18670

(Alle produkte is geregistreer onder Wet 36 van 1947.)

FLYGT

a xylem brand

xylem

Let's Solve Water



Flygt Concertor®

THE TOTAL WASTEWATER PUMPING SOLUTION
THAT ADAPTS TO OPERATIONAL CONDITIONS

Find the right solution for your challenge now

TREKKERS WAT JY KAN VERTROU: **GRENSLOOS.**

Bevorder kontantvloei en sien jou kapitaal groei.



FINANSIERING BESKIKBAAR OP TT3.50, TT-REEKS, TT4.90 TEEN PRIMA -8.5%*



*Bepalings en voorwaardes geld. Gestruktureerde terugbetaling-opsies beskikbaar. Onderhewig aan finansiële status. Installasie- en diensfooie mag van toepassing wees. Aanbod geldig tot 31 Maart 2023.

Kontak jou New Holland-handelaar vandag of skakel:

Eduan Booyens (071 871 8163) – Noordwes, Vrystaat, Gauteng, Limpopo & Mpumalanga

Paul de Korte (064 752 1613) – KwaZulu-Natal

Quintus Smit (082 524 7397) – Wes-Kaap, Noord-Kaap & Oos-Kaap

CNH INDUSTRIAL | CAPITAL

In alliansie met WesBank

NEW HOLLAND AGRICULTURE

WesBank - 'n afdeling van **FirstRand Bank** Bpk.
'n Gemagtigde Finansiële Dienste en Geregistreerde Kredietverskaffer. NCRCP20.

Volg ons op

www.newholland.com/za

Tindrum 23011

Spesiaal vir die boer wat wil boer:

New Holland-trekkers bied nuwe doeltreffendheid

Artikel voorsien

New Holland Agricultural het ’n wye reeks trekkereenhede van 27 tot 66 kW om in die vraag van die mark te voorsien.



Met kenmerke soos uitstaande krag, spoed, hysvermoë en trekkrag, oortref hierdie trekkers van New Holland alle verwagtinge ver.

TT3-reeks

Die TT3-trekkerreeks is ontwerp na aanleiding van uitgebreide kliënte-konsultasie, terugvoer en insette. Eenvoudig gestel, jy kan sê die TT3 is ontwerp deur boere, vir boere. Om aan die vereistes van vandag se veeleisende operateurs te voldoen, bied die vier-model TT3-reeks, wat 27 tot 37 kW lewer, moderne stilering, uitstekende operateursgerief, onoortreflike werkverrigting in sy segment, sowel as die waarde en veelsydigheid wat klante verwag van New Holland. Dit is beskikbaar in twee- en vierwielaandrywing en 8x2-ratkas.

Tradisionele New Holland-stilering is in die nuwe TT3-reeks geïntegreer. New Holland se ikoniese katoogligte maak dit onmiddellik herkenbaar as ’n New Holland-trekker, en verseker ’n helder, wye verspreiding van lig wanneer tot laat in die nag gewerk word. Die enkelstukkap maak maklik oop en bied maklike toegang vir roetine-onderhoud.

Die herontwerpte sitplek het geïntegreerde vering en ekstra materiaal vir uiterste gerief. Die armleuning verbeter ook die gemak deur die dag. Alle sleutelkontroles is so geposisioneer dat hulle natuurlik byderhand is vir produktiewe ergonomiese werking en die semi-platform bied meer ruimte en groter operateursgerief.

Die produktiewe driesilinder-dieselenjins is propvol krag en stel jou in staat om die mees veeleisende take met gemak te voltooi, veral dié wat meer algemeen met kragtiger masjiene geassosieer word. Die meganiese kragaftakker *(PTO)* lewer robuuste en betroubare werkverrigting. Verder beteken die groot brandstoftenk dat jy nog langer kan werk voordat jy moet volmaak.

New Holland weet jy wil hê jou trekker moet soveel take as moontlik op jou plaas uitvoer. Daarom is veelsydigheid in die TT3 se DNS. ’n Driepunthyser en maklike instandhouding voltooi hierdie pakket.

TT-reeks

As jy dit oorweeg om 40 tot 55 kW-trekkers te koop wat beskikbaar is in sowel 2- as 4-wielaandrywing, met uitstekende werkverrigting, dan is die trekkers wat die beste gaan pas die New Holland TT55, TT65 en TT75 . Met kenmerke soos uitstaande krag, spoed, hysvermoë en trekkrag, oortref hierdie trekkers die verwagtinge ver terwyl hulle hoë brandstofdoeltreffendheid behou.

Die TT-modelle word voorsien van ’n ROPS en sondakkie, gedeeltelik gesinkroniseerde transmissie plus opsionele kruipspoed en onafhanklike kragaftakker *(PTO)*. Agterasse het nat skyfremme met ’n groot oppervlak vir veilige en doeltreffende remaksie. Hulle is ook toegerus met New Holland-enjins; bekend vir robuustheid, betroubaarheid en uitstekende wringkrageienskappe.

Die ontwerp verbeter die operateursarea, wat meer beenruimte en beter operateursgerief bied. Die hefbome is spesifiek so geposisioneer dat die ratwisseling makliker is en minder moeite verg. Die nuut ontwerpte instrumentepaneel is nie net esteties beter nie, maar bied ook beter sigbaarheid van die meters.

TT4-reeks

New Holland het die TT4 rondom jou ontwerp en ontwikkel om moeiteloos kragtige werkverrigting met nuwe, aantreklike kenmerke te kombineer. Dit plaas jou op die voorpunt met trekkertegnologie in hierdie klas.

Gekenmerk deur ’n stewige ontwerp, soos die kenmerkende New Holland-ontwerptekens wat nie net goed lyk nie, maar produktiwiteit en funksionele uitleg verbeter, floreer die TT4 om tot die uiterste gedruk te word. Die TT4-enjins bied meer as net spierkrag. Hulle stel die hoogste standaarde vir sowel dinamiese werkverrigting as brandstofverbruik, danksy FPT Industrial-enjins.

Die TT4-reeks is eenvoudig om te bedryf, maklik om te onderhou en gebou om lank te hou.

Dit bied maksimum werktyd en verminderde instandhoudingskoste, wat geld terug in jou sak sit.

Om lang ure in die veld deur te bring kom maklik met die TT4. Dit bied gerief en ruimte, met ’n ware platdekbedryfsplatform, stuurkolom-gemonteerde pendelhefboom en ergonomiese kontroles, wat verseker dat jy gemaklik werk en deurgaans in volle beheer bly.

Ander kenmerke sluit in ’n maksimum hysvermoë van 3,5 ton, tot 60 liter per minuut hidrouliese vloei en ’n 12 x 12-kragpendeltransmissie *(power shuttle).*

Vir meer inligting, besoek www.newholland.com/za of kontak Jaco du Preez by 082-524-8898.



New Holland se TT4-reeks word rondom jou ontwerp en ontwikkel en kombineer moeitelose, kragtige werkverrigting met nuwe aantreklike kenmerke.

DIE **NUWE 6-SILINDER** OP DIE MARK

Ontmoet die **6140B John Deere Trekker**, die nuwe toevoeging tot die 6B-reeks.



Die 103kW trekker bied doeltreffende kraglewering en optimale brandstofverbruik vir enige uitdaging in die veld.

| **Primêre Grondbewerking** | **Plant** | **Spuit** | **Strooi** | **Sny** | **Baal** | **Materiaal-hantering** | **Vervoerwerk** |

SKANDEER DIE KODE
VIR MEER INLIGTING

JOHN DEERE

www.deere.africa | africa@johndeere.com | Kliëntediens: 0800 983 821 | JohnDeereAME | John Deere | John Deere Africa & Middle East

Die nuwe sessilinder is hier!

John Deere se6140B-kajuitrekker

Artikel verskaf

Hier is krag! Die nuwe 6140B-kajuittrekker is toegerus met John Deere se beproefde sessilinder turbo-aangejaagde Vlak III-enjin, wat die nuutste John Deere-enjintegnologie insluit. Die 6140B is 'n uitstekend keuse vir die produksie van graan, hooi en voer, suikerriet, hout en uitstekende gewasse.

John Deere Africa Middle East het onlangs hulle 6140B-kajuittrekker as 'n toevoeging tot die huidige 6B-modelreeks bekendgestel. Alle boere kan baat vind by die veeldoeligheid en 140 perdekrag / 103kW van hierdie masjien, veral diégene wat in primêre bedrywe werk.

Wat maak die 6140B-kajuittrekker anders as die huidige 6B-reeks?

Tot op hede was die 6B reeks slegs beskikbaar met 'n viersilinder, 4.5-liter enjin. Die nuwe 6140B kajuit model is die eerste model in die 6B reeks wat toegerus is met 'n meer kragtige sessilinder kragbron, wat 'n elektronies beheerde hoëdruk brandstofinspuitingstelsel (common rail), tussenverkoeler en swaardiens PowerCore™ lugfilterstelsel insluit.

Geoptimaliseerde brandstofdoeltreffendheid, onmiddellike wringkrag reaksie en die hoogste enjinbetroubaarheid is alles voordele van hierdie moderne enjintegnologie. Boonop kan hierdie hoëgehalte, goed gebalanseerde swaardiens trekker in enige toepassing aangewend word - vanaf swaar primêre bewerking, plant, spuit, strooi, sny, baal en materiaalhantering tot vervoerwerk. Hierdie trekker is ook uitgeknip vir implemente soos skeurploë, spoedsnyskywe, grondbewerkers, 8-ry planters en spuite.

Kragoordragopsies

Die 6140B-kajuittrekker, beskikbaar in 'n Standaard- en Deluxe-model, is toegerus met òf 'n 12F/4R TSS 40 km/h ratkas met nat koppelaar, òf 'n 24F/12R TSS 40 km/h ratkas met Hi-Lo, PowerReverser™ en nat koppelaar. Dit stel boere in staat om die trekkeroplossing te kies wat die beste by hulle boerderybehoeftes pas.

Bykomend tot die veelsydigheid wat die twee transmissie opsies bied, word werkverrigting en doeltreffendheid verder verbeter deur die swaardiens CAT II-driepunt hyser met 5 400 kg-hysvermoë, drie hidrouliese beheerkleppe (SCVs) met 200 bar konstante vloei, en 'n 540/1000 opm omkeerbare kragaftakker (PTO).

Wat meer kan jy van die 6140B verwag?

Pasgemaakte opgradering

Die 6B se moderne kajuit maak jou werksomgewing aangenamer en doeltreffender. Die nuwe PowerReverser™ funksie, tesame met die kantelbare en teleskopiese stuurkolom, hoëprestasie-lugversorging en geveerde sitplek, maak elke minuut in hierdie kajuit 'n genotvolle ervaring.



Om meer te wete te kom oor die nuwe 6-silinder 6140B kajuittrekker, besoek **www.deere.africa** of kontak jou plaaslike handelaar

Regte balans en volle aanpasbaarheid

Korrekte gewigverspreiding is noodsaaklik vir maksimum krag oordrag en doeltreffende werkverrigting. Die 6B se afmetings, onderstel, wielbasis en aanpasbare gewigsverspreiding maak hierdie veeldoelige trekkerreeks die voorkeur opsie vir enige taak.

Maklike werking

Die elektro-hidrouliese kragaftakker (PTO) skakelaar bied vingerpuntbeheer vir in- en uitskakeling.

Kragomkeerdoeltreffendheid

Met die PowerReverser™ funksionaliteit is rigtingveranderings nou gemakliker, geriefliker en vinniger vir die hoogste werkdoeltreffendheid.

Perfek gebalanseerd

Die tweekrag-verstelbare Hi/Lo-ratte verhoog produktiwiteit tot 15%, en verseker 'n verbetering in brandstofdoeltreffendheid van tot 13% tydens swaartrek-toepassings, danksy soomlose oorskakeling sonder enige verlies van traksie.

Diens

Dienspunte is maklik bereikbaar en die verkoelingstelsel is maklik om skoon te maak danksy die kantelstelseleenhede.

Oor John Deere

Met 'n ryk geskiedenis van meer as 140 jaar in Suid-Afrika, is John Deere 'n betroubare, wêreldbekende leier in die vervaardiging van landbou-, konstruksie- en bosboumasjinerie-oplossings met die nuutste presisietegnologie.

Met sy volgehoue fokus om sy teenwoordigheid regdeur die Afrika Midde-Ooste-streek (AME) te versterk, bedien John Deere AME sy kliënte deur meer as 218 handelaar-punte regoor Afrika Midde-Ooste en ondersteun sy handelaarsnetwerk met 'n plaaslike onderdeleverspreidingsentrum in Suid-Afrika asook verkoops- en bemarkingskantore in Suid-Afrika en Kenia.

John Deere AME is daartoe verbind om 'n kenmerkende dienservaring te bied, tesame met oplossingsgedrewe advies van sy gemagtigde handelaarsnetwerk en John Deere Financial Solutions, en bevorder voedselsekuriteit terwyl hy aktief 'n suksesvolle en inklusiewe landbougemeenskap bevorder terwyl hy Afrika se groei ondersteun deur middel van sy konstruksie- en bosbou-oplossings.

Met kernwaardes van integriteit, gehalte, toewyding en skeppingskrag, bly John Deere AME toegewyd aan die sukses van sy kliënte, die mense wat die grond bewerk, verryk, daarvan oes en daarop bou om in die wêreld se toenemende behoefte aan kos, klere, skuiling en infrastruktuur te voorsien.


HINO
YOU'RE BUSY SO WE'LL KEEP THIS SHORT:
The full Hino 300 range, now available in automatic.
HINO. We're all business.
Contact your nearest dealer today. hino.co.za
HINO
300
HINO 300



Hino adds to its amazing reliability record in 2023 Dakar rally

Article supplied

Hino continued its amazing run of finishes in the gruelling Dakar Rally when a four-wheel drive 500 Series with a diesel-electric hybrid powertrain finished 10th in the 45th running of the world's toughest motor sport event. The event took place in Saudi Arabia for the third time between 31 December and 15 January. This was the 26th time that a Hino truck has finished in the top 10 in this challenging rally-raid.

Hino was again the only Japanese truck manufacturer to enter the demanding two-week event which included far more daunting sand dunes than ever before and took a heavy toll on competitors.

The singleton Hino, entered by the Hino Sugawara Team with its all-Japanese crew of Teruhito Sugawara (driver), Hirokazu Somemiya (co-driver) and Yuji Mochizuki (mechanic), finished 10th out of an original field of 56 trucks. It also won the class for trucks with engines under 10 litres in capacity. Only 22 trucks qualified as finishers in the 2023 Dakar Rally, which was considered one of the toughest to date.

This was Teruhito Sugawara's 23rd Dakar Rally, 16 of them as a driver and five as co-driver to his father. He has now completed the under 10-litre class 14 times. His highest position was second place in 2001.

Hino has taken part in every Dakar Rally since 1991 with a best result being a clean sweep of the first three positions overall in 1997. The reliability record it has built up over 31 Dakar Rallies is that at least one Hino has finished the rally each year it has taken part.

This year's entry was a much-improved version of the Hino diesel-electric hybrid truck that raced in the 2022 Dakar Rally where it finished 22nd on debut. The truck is a bonneted 600 Series of the type sold in North America. Under the skin it is similar to the four-wheel drive version of the 500 Series, which has been a strong seller in South Africa for many years.

This year's Dakar Rally started in Sea Camp on the shores of the Red Sea on 31 December and finished on 15 January in Dammam on the other side of the Arabian Peninsula. The route of 8 549 km included 4 706 km of timed special stages, made up of a prologue and then 14 days of racing.

This was the fourth time that the Dakar has been staged in Saudi Arabia and the weather was again unsettled during the 15 days of the event. This resulted in cancellations of sections of the route due to heavy rain and flooding.

The truck was generally very reliable but suffered a setback on the 12th day when it had a crash in the sand dunes, causing substantial damage to the bodywork. Fortunately, the service crew, which included mechanics from several Hino dealerships in Japan, could make the necessary repairs to keep the truck in the race.

"The route was tough right to the end, and this was the most difficult of all the Dakar's in which I have participated either as a driver or navigator," commented the Hino driver, Teruhito Sugawara, at the podium ceremony in Dammam.





SM STRUCTURES
QUADOMANZI INVESTMENTS (PTY) LTD .COM

Kontak besonderhede:
011-786-1043
steve@smstructures.com
Jon Marco: 076-519-1734
jonmarco@smstructures.com

SM STAAL STRUKTURE

**VERVAARDIGING, OPRIGTING,
DAKPLATE EN BTW INGESLUIT.**

Duisende projekte reeds suksesvol voltooi.












KIES GEMOEDSRUS; KIES SM STRUCTURES!

*** Pryse geld solank voorraad hou.

12 x 25 x 4	oprigting ingesluit	R227 253
15 x 30 x 4,5	oprigting ingesluit	R327 000
18 x 30 X 4,5	oprigting ingesluit	R491 565
20 x 30 x 6	oprigting ingesluit	R550 141
25 x 30 x 6	oprigting ingesluit	R737 696
30 x 30 x 6	oprigting ingesluit	R1 225 360

MEER SPESIALE AANBIEDINGS

Doen dit self strukture vir oplaai (geen oprigting).

12 x 25 x 4	R180 903
15 x 30 x 4.5	R256 650
18 x 30 x 4.5	R381 065
20 x 30 X 4	R359 000
20 x 30 X 6	R421 291
25 x 30 X 6	R580 696
30 x 30 X 6	R956 360

2 of 12 x 25 x 4 oprigting ingesluit R415 000

**Modulêre behuising, afgelewer binne twee weke na bestelling.
1,2,3 of meer slaapkamers met sitkamer, kombuis en badkamer.**





Ons is geregistreerd om na alle SAOG-lande uit te voer, en voer ook uit na enige ander land ter wêreld.

John Deere celebrates excellence in customer support

JOHN DEERE

Article supplied

John Deere Africa Middle East awards top performers at annual Gala event.

Working in Customer and Product Support can be challenging, and it takes a special kind of person who enjoys solving challenges and thrives on customer satisfaction, and who still wakes up every morning and faces the day with a smile.

Those who work at John Deere Africa Middle East's (AME) Aftermarket, Customer Product Support (CPS), and channel partners are passionate in ensuring our customers' needs are met.

The annual John Deere Gala Event

Every year, the best of the best is celebrated at the John Deere Awards Gala Event, awarding top performers the recognition they deserve in their respective fields. This event, held in December 2022, celebrated the success of dealers and support staff, including technical experts, sales managers, parts managers, and financial specialists, who all play an integral role in the success of John Deere AME.

To say thank you and recognise exceptional customer service and support, awards were also presented for Technician of the Year and Workshop of the Year by the CPS division of John Deere.

The importance of Customer Support

Janalize van Buuren, Region 1 Aftermarket and Customer Support Director, emphasised the importance of providing an exceptional customer experience. "People will forget what you said, but people will not forget what you did and how you made them feel; that experience is what sets us apart."

Over the past two years, the focus of John Deere AME has shifted from an enterprise perspective to longevity, offering lifecycle solutions and enhancing the customer experience, focusing on the value that can be provided to customers over a longer lifespan of their equipment.

Van Buuren emphasised that while the job is not always easy, the John Deere parts professionals and technicians continually display hard work and dedication, recognising their efforts in going above and beyond expectations to serve customers.



Workshop of the year, awarded to Joppie Bartleman from AFGRI Harrismith.

"Our parts professionals and technicians are at the heartbeat of our aftermarket and customer support efforts," said van Buuren. "The Parts Expert of the Year and the Top Technician awards allow our teams to rub shoulders with the best of the best and showcase their talent." She also thanked all staff for the heart and the courage that they have, every single day, as the brand's frontline ambassadors who continuously strive for a better customer experience in the field and out.

This sentiment was echoed by Lafras Cronjé, Head of Customer Product Support. "All departments, Marketing, Product Support, Sales, John Deere Financial, and Aftermarket, are intertwined and dependent on one another, and we can't function without working together and supporting each other."

Technician of the Year award

The occasion served as an opportunity to honour the technicians and workshops, which indicates how crucial they are in supporting the customers.

Technician capacity and capability is a global strategy for John Deere AME, training technicians and ensuring there are enough technicians to support enough customers over the lifecycle of each product.

The competition is divided into three rounds. The first round is an online exam where participants are assessed on their knowledge of technology and John Deere equipment. The top fifty performers from this round are invited to write a closed-book exam facilitated by John Deere, which tests their theoretical knowledge of the subject.

The third and final round is where the top 10 performers put their skills to the test. The exam consists of 50% theory and 50% practical, where technicians must conduct diagnostics and repairs on AMS, large and small tractors, combines, and sprayers. This round assesses their ability to apply their knowledge in real-world situations.

The Technician of the Year award was presented to Arno Bornman from AFGRI North Polokwane.

When asked about the win, Arno said: "The competition was tough, and I did not expect to win this year. There is no way to prepare for the yearly competition; it is more about working hard every day to succeed. Every year is different. Winning this year motivates me more, and I would like to keep everyone motivated and encourage them to participate in this competition. Customer satisfaction, keeping our customers up and running as quickly as possible, and seeing the smiles on our customers' faces at the end of the day when their equipment is taken care of, is the greatest part of this job."

Workshop of the Year award

The Workshop of the Year category was introduced recently at the annual John Deere AME Gala Event and is based on service excellence.

Joppie Bartleman from AFGRI Harrismith won the Workshop of the Year award.

Joppie shared his secret to consistent customer satisfaction: "The top three things you need to focus on are your staff, your clients, and the working environment. If you keep your clients happy, your technicians happy, and your environment safe with the necessary procedures and support in place, the rest will take care of itself."

He also stressed the importance of training and a first-time fix in maintaining customer satisfaction. He concludes by saying: "When you focus on all the aspects of the workshop-of-the-year criteria, which is well thought through and focusses on technicians and customer satisfaction, you can't go wrong."

Until next year

The recognition of outstanding technicians and workshops is a testament to the commitment of John Deere to provide excellent customer service and support. The winners of Technician and Workshop of the Year, Arno Bornman and Joppie Bartleman, serve as shining examples of the importance of customer satisfaction and the role of training and development in maintaining it.

"To all the winners and runners-up, remember one thing: They say gold is found in the deep rough soil," said Janalize in closing. "It's a hard and challenging job. My wish is that we will see all of you together next year because you have gone for gold again."




John Deere AME customer support team.



Technician of the year, Arno Bornman, from AFGRI North Polokwane being congratulated by the other competitors.

ONS IS SLIM

LANDBOU



Omdat ons produsent-gesentreerd is in alles wat ons doen, is ons daartoe verbind om die lewens van diegene wat produseer en diegene wat verbruik, te verryk. Ons span passievolle landboukundiges en verkoopspesialiste is gereed om in u akkerbou- en plantbehoeftes te voorsien.

PIONEER®

GEMAAK OM TE GROEI™

Besoek ons webtuiste

CORTEVA™ agriscience

™ ® SM Handelsmerke en diensmerke van Corteva Agriscience en sy geaffilieerde maatskappye. © 2023 Corteva

Pioneer gewasfokus: Wat is 'n kuilvoermielie?

deur De Bruyn Myburgh, Pioneer-landboukundige

Pioneer toets al die afgelope vier jaar kommersieel beskikbare kultivars in kuilvoerproewe. Die vraag oor wat 'n kuilvoermielie of -kultivar is, het aanleiding gegee tot die studie. Is dit kwantiteit of kwaliteit wat die grootste gewig dra? In hierdie gewasfokus-artikel ondersoek ons die vrae.

Wat maak 'n kuilvoerkultivar goed?

Wanneer 'n kultivar as 'n kuilvoer-mielie beoordeel word, word daar altyd eerstens verwys na 'n plant wat groot (baie lank) en baie blaarryk is. Dit skep die verwagting dat baie volume of totale opbrengs verkry kan word. Die visuele meting is nie verkeerd nie, maar dit is nie die enigste eienskap wat bydra tot 'n goeie kuilvoerkultivar nie.

In die proewe is metings gegrond op kultivars se blaar-, stam- en kopgewigte om vas te stel wat werklik tot die totale opbrengs van 'n kuilvoermielie bydra. Tabel 1 en Tabel 2 toon dat 'n langer (lengte) kultivar meer oorhoofse opbrengs produseer in vergelyking met 'n korter kultivar.

Dit is duidelik uit die metings in Tabel 1 en Tabel 2 dat P2927, wat 'n groot plant is, meer volume produseer as 'n kultivar soos P1975 wat korter is. Kan P2927 'n kultivar soos P1975 klop as ons die kultivars ontleed en van-uit 'n gehalte-oogpunt teen mekaar meet? Sal 'n groter totale opbrengs die produksiepotensiaal van die dier wat die kuilvoer gebruik aansienlik verbeter, omdat daar meer volume geproduseer word? Kom ons kyk na die gehalte-ontleding van die kultivars wat getoets is.

Wat is goeie gehalte kuilvoer?

Die gehaltemikpunte vir goeie kuilvoer, is soos volg:

1. Moet gesny word teen die regte droë-materiaal (DM)-persentasie (35 tot 40%).
2. Hoë styselopbrengs per kg DM.
3. Hoë totale verteerbare voedingstowwe = TVV *(total digestible nutrients = TDN)***.



Dit is tipies wat 'n produsent wil sien wanneer mieliekultivars beoordeel word. Die plante is lank en blaarryk.

Tabel 3 bevat die gehalte-ontledings wat by Labworld (Pty) Ltd in Isando, Johannesburg gedoen is. Hulle is 'n filiaal van CVAS *(Cumberland Valley Analytical Services)* in die VSA. NIR-tegnologie (naby infrarooi-tegnologie) word gebruik om alle voedingsparameters van gefermenteerde kuilvoer te meet.

Die gehaltedata toon dat 'n groot massa-opbrengskultivar soos P2927 goeie gehalte kuilvoer produseer, maar dat die effense laermassa-opbrengs-kultivar, P1975, beter gehalte kuilvoer lewer.

Opsomming

Die toutrekwedstryd tussen die kwantiteit en kwaliteit van kuilvoer is 'n strawwe een, soos blyk uit Tabel 3. 'n Goeie vergelyking kan getref word tussen lang en kort kultivars wanneer gekyk word na die melkproduksiepotensiaal. Massa-produserende kultivars kan sterk mededinging kry van effense swakker massa-produserende kultivars met beter gehalte-eienskappe.

Die keuse van 'n kultivar hang af van hoe dit inpas in 'n produsent se boerderypraktyke. Indien 'n boer byvoorbeeld daarop gefokus is om 'n groenvoergewas soos hawer te vestig, dan sal 'n mieliekultivar met 'n korter groeilengte beter by daardie stelsel inpas. Data soos hierdie bied die boer goeie inligting wat hom in staat stel om die beste kultivar wat die hoogste kwantiteit teen die beste moontlike gehalte lewer, te kies.

Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na **info.rsa@pioneer.com** of gaan na **www.pioneer.com/za**

Tabel 1: Gewig van die inkuilbare dele van 'n mielie

Gewig van die inkuilbare dele van 'n mielie					
Kultivar	Planthoogte (meter)	Blare (gram)	Stamme (gram)	Koppe (gram)	Totale gewig per plant
P2927 platform	2,95	261	419	435	1 114
P2432 platform	2,59	229	367	445	1 041
P1975 platform	2,42	229	306	432	967
P1788 platform	2,56	165	280	391	835

Tabel 2: Persentasie wat elke deel (blare, stamme en koppe) tot die totale opbrengs bydra

Persentasie wat elkeen bydra tot die totale opbrengs			
Kultivar	Blare	Stamme	Koppe
P2927 platform	23%	38%	39%
P2432 platform	22%	35%	43%
P1975 platform	24%	32%	45%
P1788 platform	20%	33%	47%
Gemiddeld	22%	34%	43%

Tabel 3: Kwaliteitsdata van kultivars getoets in Pioneer se kuilvoer-proewe oor die afgelope drie jaar

Kultivar	Stysel %	TVV	Opbrengs @ 35% DM	Melkproduksiepotensiaal per ha (kiloliter per ha)
P2927 platform	36,0	72,0	72,4	36
P2432 platform	37,7	73,0	66,2	32
P1975 platform	37,8	74,9	63,8	35
P1788 platform	39,9	74,6	66,7	34



deur Natasha Pansegrouw

Noordelike mielieblaarskroei: 'n massiewe oorsaak van oesskade

(Bron: Pixabay deur Albrecht Fietz)

As 'n plant se blare ernstig deur 'n siekte beskadig word, kan die plant uiteindelik vrek. As hierdie siektes dit moeiliker maak om graan te kweek, kan die landbousektor belemmer word.

Exserohilum turcicum is 'n swamspesie in die familie *Pleosporaceae*. Dit is 'n plantpatogeen wat 'n siekte bekend as *turcicum*- blaarroes in mielies, sorghum en ander grasgewasse veroorsaak. Hierdie swam floreer in toestande van koel tot matige temperature en hoë relatiewe humiditeit. Groot, grys letsels, wat soos sigare lyk, kan op die blare en stingels van besmette plante verskyn en is 'n duidelike teken van die siekte.

Hierdie letsels is aanvanklik klein en sirkelvormig, maar kan groei om groot en onreëlmatig van vorm te word. Die letsels is donkerbruin tot swart en kan omring word deur 'n geel stralekrans. Die swam kan ook veroorsaak dat die blare verkleur en verwring word.

Die swam word deur windgedraagde spore versprei, wat oor lang afstande gedra kan word. Dit kan ook deur besmette saad of grond versprei word. Sodra die swam in 'n land gevestig is, kan dit 'n paar jaar in die grond oorleef.

Hoe om die swam te bestuur

Bestuur van *turcicum*-blaarroes sluit wisselbou, die gebruik van weerstandbiedende variëteite en swamdoder-toedienings in. Die gebruik van weerstandbiedende variëteite is die doeltreffendste manier om die impak van die siekte te verminder. Swamdoders kan gebruik word om die verspreiding van die siekte te verminder, maar dit moet in kombinasie met ander bestuurspraktyke gebruik word.

Nagevolge van noordelike mielieblaarskroei

Verhoogde voorkoms van swamsiektes bedreig saadontkieming omdat dit verliese in sowel gehalte as hoeveelheid sade veroorsaak. Hoe meer swamspesies daar op sade is, hoe minder waarskynlik is ontkieming.

Dit is te wyte aan die feit dat wanneer boere saad oorhou, dit meer swamspesies kan bevat en gevolglik ander uitwerkings op saadontkieming as gesertifiseerde saad kan hê. Saadgedraagde swamme veroorsaak 'n verskeidenheid probleme, insluitend swak ontkieming, wortelvrot by besmette saailinge, belemmerde saailinggroei en selfs landepidemies.

Die inbring van mikotoksiene-swamme in die grond deur die plant van besmette saad verhoog die waarskynlikheid dat die graan met mikotoksiene besmet sal wees. Voortydige oes en daaropvolgende swak bergingstoestande van saad is belangrike faktore wat bydra tot die opbou van swamspesies in of op saad, benewens die primêre inenting van swamspesies wat tydens plant in of op saad teenwoordig is.

Ontkiemingskoerse word tipies verminder wanneer saad te vroeg geoes of verkeerd opgeberg word. Ontkiemingsyfers vir besmette saad word drasties verlaag deur swambesmetting; trouens, hulle kan so laag as 28% van hulle oorspronklike potensiaal wees. Verder maak dit die nut van die saad wat boere oorgehou het, ongeldig.

Hoe om noordelike mielieblaarskroei te behandel

Saadgedraagde swamme wat ontkieming beperk, kan bestry word met plantekstrakte wat anti-swameffekte het. Dit word gedemonstreer deur die feit dat alle plantekstrakte wat in water-onttrekte bio-swamdoders gebruik word, swamgroei inhibeer, hoewel teen verskillende tempo's. Dit is moontlik dat dit die gevolg is van die wisselende konsentrasies van bioaktiewe verbindings in hierdie bioswamdoderplante.

In vergelyking met bio-swamdoders wat met water onttrek word, het dié wat met etanol onttrek word 'n groter impak op miseliumgroei. Een moontlike verklaring is dat die twee ekstraksie-



Letsels wat veroorsaak word deur volwasse grysblaarvlek op mielieblare is bruin tot grys van kleur en het 'n duidelike reghoekige vorm. (Bron: Göttingen, DE, 2019)



(Bron: thecounter.org)

oplosmiddels verskillende hoeveelhede bioaktiewe verbindings lewer. Etanol ('n organiese oplosmiddel) het byvoorbeeld 'n groter vermoë om daardie organiese bioaktiewe verbindings te onttrek as water, wat lei tot 'n groter swamdodende effek. Dit is omdat die meerderheid bioaktiewe verbindings wat kragtige biosiede (chemiese middel of mikro-organisme wat bedoel is om ’n skadelike organisme te vernietig, vertraag of onskadelik te maak) van 'n organiese aard is.

Mieliesaad kan met neem, gemmer en koffie behandel word om die gesondheid en opbrengs te verbeter. Neem is 'n natuurlike insek- en swamdoder wat gebruik kan word om die saad teen plae en siektes te beskerm. Neemolie, gemmer en koffiemoer kan met water gemeng word en op die saad gespuit word voor plant.

Anders as koffie, wat net alkaloïede het, het neem en gemmer 'n baie groter reeks bioaktiewe verbindings, soos alkaloïede, flavonoïede, saponiene, tannien, fenole, terpenoïede, glikosiede, antrakinone en steroïede; en 6-gingerol, flavonoïede en fenoliese sure, onderskeidelik.

Effek van swamdoders op noordelike mielieblaarskroei

Die swamvlokwerking van vinnige bioswamdoder verminder met verloop van tyd na inenting. As gevolg van die kort raklewe is plantaardige produkte nie altyd doltreffend om plantsiektes te voorkom en te behandel nie.

Die swamdodende effekte van neem se etanoliese ekstrakte is groter as dié van neem se ru-ekstrakte teen sowel *Aspergillus* spp as *Rhizopus* spp. Die bevindinge kan ook verband hou met die inhiberende effekte van etanol op swamgroei (wat moontlik teenwoordig was as gevolg van onvolledige verwydering uit die bio-swamdoderoplossing).

Die groeiproses van swamme kan deur etanol ontwrig word, wat tot hulle dood lei. By 25 °C is daar ontdek dat waterspanning sowat 31% van etanol se inhiberende effek op swamgroei uitmaak; by temperature onder 25 °C kan die inhiberende effek as gevolg van waterspanning egter 31% oorskry aangesien die ander nie-waterspanningeffekte van die etanol minder doeltreffend word.

Weereens, wanneer dit kom by die behandeling van saad, is bio-swamdoder-behandelde sade wat met water onttrek is, beter vir ontkieming en saailingkrag as dié wat behandel word met bio-swamdoders wat met etanol onttrek is. Daar is 'n anti-swameffek in die ekstrakte wat verantwoordelik is vir die voordele wat gesien word met bio-swamdoders wat met water onttrek word.

Saadontkieming en saailingkragtigheid van sade wat met bio-swamdoders behandel is, word verbeter, en hoewel dit dalk nie genoeg is om alle swamspesies in of op saad heeltemal uit te roei nie, is dit steeds merkwaardig.

Afsluiting

Gebruik gesertifiseerde saad eerder as oorgehoude saad met ’n swak of onbekende gesondheidstatus, want gesertifiseerde saad het ’n laer voorkoms van saadgedraagde patogene. Boere se oorgehoude saad, aan die ander kant, moet vry wees van of aansienlik minder gevalle van saadgedraagde swamme hê voordat dit gebruik kan word.

Alle saad, hetsy dit by 'n winkel gekoop of deur 'n boer oorgehou word, moet behandel word voordat dit geplant word. Bio-swamdoders is goed vir die omgewing en werk goed, volgens hierdie navorsing. Dit maak hulle geldige opsies vir die behandeling van saad.

Onttrekking-oplosmiddels soos etanol, is goed om swamvlokgroei te stop, maar as die saad en saailinge nie heeltemal uit die bio-swamdoderoplossing verwyder word na onttrekking nie, sal hulle doodgaan of baie stadig groei.

Daar word ook gesê dat organiese oplosmiddels die beste oplosmiddels vir onttrekking is omdat dit plante help om baie bioaktiewe verbindings vry te stel.



(Bron: Göttingen, DE, 2019)



Letsels wat veroorsaak word deur die onvolwasse vorm van die grysblaarvlek op mielieblare lyk soos piepklein bruin kolletjies met bleeksugtige rande. (Bron: Göttingen, DE, 2019)

Verwysings

Craven, M. (2013). *Troef noordelike mielieblaarskroei hierdie seisoen met kennis in jou sak.* Graan SA. Available at: https://www.grainsa.co.za/troef-noordelike-mielieblaarskroei-hierdie-seisoen-met-kennis-in-jou-sak

Erasto, R., Kilasi, N. and Madege, R.R. (2023) *Prevalence and management of phytopathogenic seed-borne fungi of maize, MDPI.* Multidisciplinary Digital Publishing Institute. Available at: https://www.mdpi.com/2674-1024/2/1/3

Sibiya, M., and Sumbwanyambe, M. (2019) *A computational procedure for the recognition and classification of maize leaf diseases out of healthy leaves using convolutional neural networks, MDPI.* Multidisciplinary Digital Publishing Institute. Available at: https://www.mdpi.com/2624-7402/1/1/9

Zhenga, Y., et al. (2022) *Molecular and biological characteristics of a novel chrysovirus infecting the fungus phytopathogenic Setosphaeria Turcica* f.sp. Sorghi, Virus Research. Elsevier. Available at: https://www.sciencedirect.com/science/article/pii/S0168170222003665

HOSE MASTER 50/100
PORTABLE IRRIGATION SYSTEM



SPORTSMAN 120
SPORT FIELD AND GARDEN IRRIGATION



CLUBMAN 100
SMALL SCALE FARMING AND RECREATIONAL IRRIGATION



RAINMAKER 200
HEAVY DUTY COMMERCIAL FARMING IRRIGATION



EXPERIENCE IN IRRIGATION SYSTEMS 40 YEARS

RHINO 300
HEAVY DUTY COMMERCIAL FARMING IRRIGATION



CANE MASTER 300
HEAVY DUTY COMMERCIAL FARMING IRRIGATION



Suitable for tall crops

The most effective and cost efficient travelling irrigation systems available

SOUTH AFRICA

Head office:
Jasper Hewitt +27 (0) 82-773-7544
jasper@rotrixafrica.co.za
Andries Bothma +27 (0) 79-959-3356 /
+27(0) 23-342-3438 / sales@rotrixafrica.co.za

Gauteng:
Tobie van den Heever
+27 (0)82-658-6054
+27(0)12-736-2121/2103/2323
tobie@iunlimited.co.za

ROTRIXAFRICA industries cc
MECHANISED IRRIGATION SYSTEMS
BUILT TO IRRIGATE AFRICA
www.rotrixafrica.co.za

For more than 25 years, we have been manufacturing and supplying tried and tested chemicals and disinfectants to these industries:

- FOOD AND BEVERAGE
- AGRICULTURE
- LAUNDRY AND HOSPITALITY
- COMMERCIAL AND INDUSTRIAL
- WATER TREATMENT



All of our products are internationally and independently assessed and certified by Intertek to comply with SANS1828, EN1276 and EN1656 standards, all of which are manufactured in our ISO 9001:2015 facility.

- Best customer service
- Over 60 years of combined experience
- Cost-effective products
- Training

nutrochem™
Waar Kwaliteit en Diens ontmoet • Where Quality and Service meet

www.nutrochem.co.za

Should you require additional information about our product range, please contact:

CONFORMS TO EN 1276

Geoff Bayman
Cell: (083) 263 8945
Email: geoff@nutrochem.co.za

Johan Herholdt
Cell: (082) 378 3334
Email: johan@nutrochem.co.za

Hercules Barnardt
Cell: (073) 286 3267
Email: hercules@nutrochem.co.za

Hentie Nel
Cell: (082) 810 5419
Email: hentie@nutrochem.co.za



'n Melkboer van die Suid-Kaap het agt verse verloor as gevolg van die snotsiektevirus wat vermoedelik versprei is deur 'n buurman se wildebeeste. (Foto: Verskaf)

Net begrip en samewerking kan snotsiekte stuit

deur Tisha Steyn

'n Melkboer van die Suid-Kaap het einde 2022 agt verskalwers weens snotsiekte verloor.

Volgens die boer het kalwers wat in Junie gebore is, aan die begin van Augustus begin siek word. "Die eerste kalf se kop het dik geword en sy het snotsiektesimptome getoon. Sy het eers in die een oog en toe die ander een blind geword. Nog 'n kalf het 'n bloederige afskeiding uit die neus gehad."

Omdat die versies geroggel het, het die boer aanvanklik gedink dis longontsteking en hy het dienooreenkomstig behandel. "Die blindheid en veral die seertjies in die bek het my bekommer, want dit was toe juis die tyd toe nog 'n vlaag bek-en-klouseer elders in die land uitgebreek het."

Bevestig

Hy het 'n veearts gekontak wat monsters van die siek kalf by 'n laboratorium laat toets het. "Die DNS-toets was positief vir snotsiekte wat deur wildebeeste gedra word," het die veearts by navraag gesê. "'n DNS-toets kan nie 'n vals-positief lewer nie en dit het bewys die besmetting is bo enige twyfel veroorsaak deur die virus wat deur wildebeeste gedra word."

Volgens die veearts is daar ook ander suiwelboere in die omgewing wat verliese kon gely het, maar dalk het hulle nie eens geweet wat hulle kalwers makeer nie. "Daar is geen entstof of doeltreffende behandeling teen snotsiekte nie en die besmette kalwers vrek gewoonlik," sê hy.

Dr Leana Janse van Rensburg, staatsveearts van die Departement van Landbou op George, het bevestig dat gevalle van snotsiekte in September 2022 in die Suid-Kaap aangemeld is. Die siekte, wat deur laboratoriumtoetse bevestig moet word, is aanmeldbaar, maar die staat voer geen beheer daaroor uit nie en betaal nie vergoeding aan boere wat vee weens die siekte verloor nie.

In 2019 het dr Edwin Dyason, die vorige staatsveearts wat in 2020 afgetree het, aan 'n plaaslike koerant in Riversdal gesê gevalle van wildebees- en skaapverwante snotsiekte kom elke jaar regdeur die Suid-Kaap voor.

Bly eerder stil

"Omdat die owerhede of die wildboere hulle nie aan die siekte steur nie, is ek maar versigtig om iets te sê wat tot my nadeel kan strek," sê die boer, wat die melk van sowat 550 koeie aan 'n internasionale aankoper verskaf. Verse wat nie as vervangingsverse gehou word nie, asook ou koeie wat nie meer na wense produseer nie word op veilings te koop aangebied. In alle gevalle word van 'n melkboer verwag om enige siektes aan te meld.

Hy vermoed die kalwers, wat in 'n kamp langs die pad staan, kon besmet geraak het deur die vervoer van wildebeeste in toe trokke wat aan die bokant oop is, wat daar verbyry op pad na 'n wildboer waar gereeld wildveilings gehou word.

"My grootste vrees is dat as my beeste op hierdie manier snotsiekte kan kry, die kans goed is dat hulle ook met ander siektes soos bek-en-klouseer besmet kan word. Miskien kan 'n moratorium op die vervoer van blouwildebeeste geplaas word?

"Ek weet nie wat my te doen staan nie: bly 'n mens maar stil en gaan aan? As ek die uitbreking aan die groot klok hang, kan ek nie melk verkoop of my verse veiling toe vat nie. Dit is 'n tragiese besigheid, en biosekerheid gaan vir die hoenders."



Die snotsiektevirus is nie oordraagbaar na mense nie. (Foto: Pixabay)

Oordrag

Marzanne Roets van die Nasionale Dieregesondheidsforum verduidelik die verloop van die siekte soos volg:

Soos met ander herpesvirusse, vestig die snotsiektevirus lewenslange latente besmetting in die natuurlike gasheer, in die geval wildebeeste. Die gasheer kom niks oor nie en die siekte word nie na ander wildspesies oorgedra nie. Dit versprei ook nie tussen beeste nie, en mense kan dit ook nie kry nie.

Die virus versprei hoofsaaklik deur inaseming, maar daar kom gevalle voor waar kalwers voor geboorte of gedurende die eerste paar maande van hulle lewe besmet kan word.

Simptome

Kliniese tekens van die siekte is koors (rektale temperatuur van meer as 42 °C, gebrek aan eetlus, traanvorming en

seertjies op die neusspieël en in die bek, en oorvloedige oog- en neusafskeiding.

Volgens haar vrek duisende beeste jaarliks aan dié siekte, wat ekonomiese verliese vir bees- en melkboere veroorsaak.

Die diere ly omdat hulle dikwels ernstige longontsteking kry, wat daartoe lei dat hulle moeilik asemhaal en uiteindelik in hulle eie slym versmoor.

Beeste met gevorderde stadiums van snotsiekte word dikwels doodgemaak om verdere lyding te voorkom.

Voorkoming

Die belangrikste is om kontak te vermy tussen draers of vermeende reservoirgashere (wildebeeste) en spesies wat klinies vatbaar is (beeste).

Wildebeeste, wat die siekte maklik oordra, moet altyd van beeste geskei word. Wanneer die wildebeeste verwyder word, is die virus ook weg, maar omdat die inkubasietydperk maande kan duur, kan die siekte by sommige beeste wat spanning ervaar, soos verskuiwing na 'n ander plaas, voorkom.

Beeste ontwikkel selde die virus wat met skape vereenselwig word, maar dit is tog raadsaam om skape en beeste afsonderlik te huisves omdat die lammers die virus aktief afskei.

Wanneer 'n uitbreking voorkom, moet vatbare diere dadelik van verdagte gevalle geskei word. Omdat die inkubasietydperk baie lank kan wees, kan die siekte maande lank voorkom.

Deur die diere se spanning te verminder, kan die siekte wat subklinies of sonder simptome, of gevalle waar diere lig aangetas is, voorkom word.

Volgens Marzanne word kommersiële entstowwe tans ontwikkel, maar dit is nog nie beskikbaar nie.

Wetgewing

Daar is tans geen statutêre beheermaatreëls vir snotsiekte nie. Die siekte is in 1984 onder die Wet op Dieresiektes as 'n beheerde siekte verklaar. In 1987 moes boere hulle plase registreer as hulle wildebeeste wou aanhou en hulle is net toegelaat om dit te doen as aan streng vereistes voldoen word. Verdere beheermaatreëls het bepaal dat wildebeeste slegs met 'n geldige permit vervoer mag word en dat dié



Die koeie kry lusern wat op die plaas verbou word.



Die melkboer wat agt verse as gevolg van snotsiekte verloor het maak seker dat sy weiding gesond is deur geenbewerking en drukbeweiding toe te pas. (Foto: Verskaf)

spesie van ongeregistreerde eiendom verwyder moes word.

Hierdie beheermaatreëls is egter in 1993 opgehef en sedertdien dra die onbeheerde beweging van wildebeeste by tot 'n toename van die siekte oral in die land waar wildebeeste voorkom of hervestig word.

Aanmelding

Wanneer die vermoede van 'n aanmeldbare en of beheerde siekte bestaan, moet die eienaar of betrokke veearts dit by die Departement van Landbou se staatsveearts aanmeld wat 'n ondersoek sal gelas. Monsters van die siek dier moet by 'n goedgekeurde laboratorium ingedien word sodat toetse die voorkoms van die siekte kan bevestig. Indien die dier positief vir die siekte toets, moet voorgeskrewe vorms voltooi word wat by die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling ingedien moet word.

Skadevergoeding

Ten spyte daarvan dat die siekte as aanmeldbaar verklaar is, aanvaar die staat geen verantwoordelikheid vir enige skade nie, vervolg niemand wat



Die melkbeeste ondergaan elke twee jaar volledige toetse om seker te maak hulle is gesond. (Foto: Verskaf)



Gespeende verse loop op droë lande, maar hulle voeding word aangevul met droë pille. (Foto: Verskaf)

besmette wildebeeste vervoer of aanhou nie, en betaal ook nie vergoeding aan 'n boer wat weens die siekte verliese gly het nie.

Gevolglik is die boer op homself aangewese om besmetting te probeer verhoed en indien dit nie moontlik is nie, moet hy maar verlief neem met die verlies. Hy kan probeer om die wildboer te oorreed om vergoeding te betaal, wat meestal nie werk nie omdat die wildboer bewyse soek, of hy kan 'n kriminele of siviele saak aanhangig maak, wat hom nog tyd en geld gaan kos.

Melkprodusente-organisasie (MPO)

Fanie Ferreira, hoofuitvoerende beampte van die Melkprodusente-organisasie (MPO) het simpatie met die melkboer.



Koeie kan die snotsiektevirus aan hulle ongebore kalwers oordra. (Foto: Pixabay)

"'n Mens kan aanvaar dat alle wildebeeste draers van snotsiekte is – die ironie is dat dit hulle glad nie aantas nie. As 'n melkboer weet sy buurman het blouwildebeeste, moet sy biosekuriteit net nog beter wees as selfs met bek-en-klouseer.

"Samewerking tussen bure is noodsaaklik. As gesprekvoering op niks uitloop nie, is al genade maar om 'n kriminele saak aanhangig te maak, veral



Kalwers wat onder spanning verkeer is vatbaarder vir die snotsiektevirus. (Foto: Pixabay)

as die melkboer kan bewys hy boer al lank op die plaas en dat die snotsiekte slegs voorkom sedert die wildboer blouwildebeeste ingebring het."

Volgens Fanie is die MPO gereed om melkboere by te staan, al is hulle nie lede van die organisasie nie. "Dit gaan oor die gesondheid van die bedryf en ek is bereid om die melkboer te help om die regte pad te volg om die saak verder te vat."



Seertjies op die neusspieël en in die mond is kenmerkend van snotsiekte.

Wildlife Ranching SA (WRSA)

Volgens dr Peter Oberem, Wildlife Ranching SA (WRSA) se direkteur belas met Teling, Dieregesondheid en Biosekuriteit, is alle wildebeeste draers van die siekte. Omdat daar meer blouwildebeeste as swartwildebeeste voorkom, is eersgenoemde vanselfsprekend meer dikwels die draers.

Alhoewel die siekte aanmeldbaar is en 'n gevaar vir beeste kan inhou, word die spesifieke virus nie aan enige ander dier buiten beeste oorgedra nie. Dit word ook nie oorgedra aan mense nie en die produkte van die kudde is geskik vir menslike gebruik.

Omstandighede bepaal hoe aansteeklik die virus is en hoe vatbaar die dier is wat besmet word. "In hierdie geval was die blouwildebeeste wat gevang en vervoer is onder spanning en die virus vermenigvuldig vinniger in sulke omstandighede. Omdat die virus deur die lug versprei, is dit heeltemal moontlik dat dit uit die verbygaande trok kon gewaai het en die kalwers langs die pad besmet het." Hoeveel wildebeeste vervoer word, hoeveel virusse uitgeskei word, die tipe trok, die afstand van die pad af, windrigting en baie ander faktore sal 'n rol speel.

Omdat die inkubasietydperk baie lank kan duur is dit nie altyd moontlik om 'n spesifieke voorval soos die verbyry van 'n trok met die betrokke besmetting te verbind nie.

"Die enigste manier om wrywing tussen die wildboer en die melkboer te verminder berus daarop dat die partye voortdurend met mekaar in gesprek moet bly om die risiko's te bespreek. Albei moet besef dat die moontlikheid van besmetting bestaan en albei moet maatreëls tref om dit te voorkom. Hulle moet mekaar se eiendom en regte respekteer."



Heinings moet verhoed dat beeste naby wildebeeste op 'n buurplaas kom. (Foto: Pixabay)



Swart- en blouwildebeeste is draers van snotsiekte. (Foto: Pixabay)



Die verse loop op natuurlike soetveld wanneer die veld mooi is. (Foto: Verskaf)



Biosekuriteit met snotsiekte moet nog beter wees as met bek-en-klouseer, sê Fanie Ferreira van die Melkprodusente-organisasie (MPO). (Foto: Pixabay)

Kontakbesonderhede
Fanie Ferreira, Melkprodusente-organisasie (MPO) 083-453-9339 of fanief@mpo.co.za

Marzanne Roets, Nasionale Dieregesondheidforum 083-393-7228 of admin@nahf.co.za

Verwysingsbronne

De Klerk, G., Pienaar, H. (2016) *Controlled and Notifiable Diseases. National Animal Health Forum* http://nahf.co.za/controlled-and-notifiable-diseases/

Grobler, W. J. *Snotsiekte*. Bergbos Dierekliniek. https://www.bergbosvet.co.za/snotsiekte.htm

Snotsiekte onder skape in die Karoo (2020) Landbou.com https://www.landbou.com/landbou/kundiges/vra-vir-faffa/snotsiekte-onder-skape-in-die-karoo-20200608

Snotsiekte-oordraging (2018) Landbou.com https://www.landbou.com/landbou/kundiges/vra-vir-faffa/snotsiekte-oordraging-20180212

Staatsveearts: Snotsiekte nou 'n uitbreking (2019) Suid-Kaap Forum https://www.suidkaapforum.com/news/article/agriculture/staatsveearts-snotsiekte-nou-n-uitbreking-201905020954

Winsgewende skaapboerdery deel 16:



Lamtyd moet die boer regstaan en raakvat

Lamtyd is oestyd! Hoe meer van die lammers wat gebore oorleef, hoe voor-spoediger boer die boer. Om dit reg te kry, moet skaapboere hulle kennis en bestuursvernuf opskerp. Doeltreffende bestuurs- en voedingspraktyke tydens lamtyd is van deurslaggewende belang om lamvrektes weens moeilike geboortes, verhongering en verwaarlosing te bekamp. As die voorgeskrewe riglyne gevolg word, kan 'n moeitevrye en winsgewende lamtyd verwag word.

Lammervrektes word as een van die belangrikste beperkings in doeltreffende skaapproduksie beskou. Hoewel lamverliese van 15 tot 20% dikwels as normaal beskou word, het dit geweldige ekonomiese implikasies en vertraag dit boonop ook seleksievordering weens minder vervangingsdiere wat beskikbaar is vir seleksie. Lamverliese kan beperk en geminimaliseer word deur die toepassing van verbeterde en doeltreffende bestuurs- en voedingspraktyke wat minstens ses weke voor lam begin.

Voorbereiding vir lamtyd

Ooie met enkeling- en meerlingfetusse moet verkieslik ses weke voor lam geskei en in aparte kampe geplaas word sodat differensiële voeding (volgens behoefte) toegepas kan word om melkproduksie en lamoorlewing te verhoog.

Die inname van voldoende bies in die eerste uur na geboorte, is lewensnoodsaaklik vir lamoorlewing. Onvoldoende bies verlaag lamoorlewing omdat dit die hoofbron van energie en die enigste bron van vog (water) en teenliggaampies vir die pasgebore lam is.

Volwasse ooie met tweelingfetusse, asook dragtige jongooie, moet vanaf ongeveer ses weke voor lam 250 tot 350 gram hoëdeurvloeiproteïenlek per ooi per dag gevoer word.

Vanaf vier weke voor lam moet die lek aangepas word na 300 tot 400 gram per ooi per dag, afhangend van die gehalte van weiding en die kondisie van die ooie. Ooie met enkelingfetusse kan vanaf vier weke voor lam teen 'n peil van 250 tot 350 gram gevoer word.

Indien die veld of weiding skaars is, moet bykomende ruvoer (hooi) ook gedurende laatdragtigheid voorsien word.

Jongooie wat vir die eerste keer lam, moet gedurende die laaste twee maande van dragtigheid minstens 15% in massa toeneem. Lekinname moet aangepas word om die verlangde gewigstoename te kry.

Die belangrikheid van goeie kondisie

Ooie wat ses weke voor lam op 'n hoër voedingspeil was en tydens lam in 'n uitstekende kondisie is, produseer meer melk en is meer geneig as skraal ooie om op die geboorteplek te bly en met lammers te bind.

Om suksesvolle binding tussen ooi en lam te verseker moet alles moontlik gedoen word om te voorkom dat die ooi binne vier tot ses uur na die geboorte van haar lam van die geboorteplek gelok of verwyder word.

Laatdragtige ooie op 'n lae voedingspeil lei tot 'n lang geboorteproses. Ooie neem langer om op te staan na geboorte, het swak moedereinskappe asook min of geen bies.

Mikskeer en doserings voor lam

Ooie moet ongeveer ses weke voor lam gemikskeer word (indien ooie langwol, meer as ses maande se wolgroei het). Korter wol vergemaklik die lamproses en stel ook die lammers in staat om makliker die ooi se spene te vind.

Die nodige doserings en inentings moet vier tot ses weke voor lamtyd gedoen word. Spuit spoorelemente (byvoorbeeld Multimin) en doseer vitamien A en E vier tot ses weke voor lamtyd. Dit verseker dat ooie hoë vlakke teenliggaampies in die biesmelk afskei, wat die lam dan help om weerstand teen siektes op te bou.

Lamstelsels

Verskeie lamstelsels (ekstensiewe-en intensiewe lamstelsels, rondskuifstelsel, kleinkampiestel en kleintroppiestelsel) asook variasies daarvan word gebruik. Die doel van 'n lamstelsel is om lamvrektes te beperk terwyl dit min arbeid vereis en kostedoeltreffend moet wees.

Dit is belangrik dat lammers nie in die eerste ses uur na geboorte gesteur word nie, omdat dit tot skeiding tussen die ooi en lam kan lei.

Hoe langer die ooi met haar lammers op die geboorteplek bly, hoe beter is die binding en hoe laer is geboortevrektes, aangesien dit die ooi 'n kans gee om die lammers skoon te lek, en lammers kan vol suip.



Ooie in 'n intensiewe lamstelsel. (Foto: Mamre Dormer-stoet).

Sorg dat ooie genoeg drinkwater het, wat ook sal verhoed dat hulle rondloop om te soek na drinkwater.

Lamkampe

Gespaarde kampe moet voldoende weiding asook voldoende skuiling en skaduwee vir ooie en lammers hê.

Lamkampe moet verkieslik kleiner as 200 ha wees, met 'n maksimum van 200 tot 250 ooie per lamkamp. Lamkampe moet voldoende skuiling teen koue, wind en reën bied. Dit is ook belangrik dat warmer gebiede genoeg skaduwee in die kampe het. Bome is die doeltreffendste voorsiener van skaduwee, omdat dit sonstrale blokkeer en ook omdat dit 'n verkoelingseffek het as gevolg van die waterdamp wat deur transpirasie uit die blare ontsnap.



'n Witdorper-ooi en haar lam.

Lamvrektes

Dit word aanbeveel dat swaardragtige ooie die laaste twee weke voor lam so rustig as moontlik gehou word, en aan geen aktiwiteit soos doseer, inent, skeer of dip blootgestel word nie.

Ongeveer 56% tot 80% van lamvrektes is as gevolg van spanningsvolle geboortes. Tekens van spanningsvolle



(Foto: Overberg Agri)

geboortes is lammers wat vassit met geboorte, bloeding op die rugmurg en brein asook 'n geel geboortekleed.

Waar ooie nie gou na geboorte opstaan nie, het die lam 'n kleiner kans om gou te drink en tydig die nodige bies in te kry. Oorlewing is hoër waar lammers binne 'n uur na geboorte drink.

Die voorsiening van 'n hoëdeurvloeiproteïen vergemaklik en versnel die geboorteproses wat tot gevolg het dat ooie gouer na geboorte opstaan.

Meer as 80% van die lammers wat binne 24 uur na geboorte vrek is lewend gebore, terwyl 50% van lamvrektes die gevolg van verhongering, verwaarlosing en voedingsfoute is. Dit sluit in lae geboortemassa, abnormale dik en taai bies, te min bies en te min melk.

Bestuurswenke tydens lamtyd

- Laat jong en volwasse ooie apart van mekaar lam. Dit word ook aanbeveel dat tweelinge apart van enkelinge lam.
- Hou goeie toesig oor jou lamtroppe (minstens twee maal per dag).
- Help ooie met lamprobleme so gou as moontlik.
- Lammers behoort gebore te word binne vier uur na die eerste tekens van lam, of binne 'n halfuur na definitiewe tekens dat die ooi gaan lam (ooi gaan lê en druk).
- Verleen hulp aan probleemgevalle – indien ooie probleme ervaar, lammers nie wil laat suip nie, net een speen het, moet sowel die ooi as die lam gemerk en uitgeskot word.
- Dit is noodsaaklik dat die pasgebore lam binne twee tot drie uur na geboorte suip om liggaamsreserwes op te bou.
- Werk altyd rustig met ooie wat lam.
- Steur die troppe so min as moontlik. Pasgebore lammers is geneig om op beweging te reageer, en is geneig om mense, honde en voertuie te volg. Volledige binding tussen ooi en lam neem ongeveer 48 tot 60 uur.

Ter opsomming

Dit is belangrik om die voorgestelde praktyke en riglyne so ver moontlik toe te pas, sodat boere daadwerklik die voorkoms van lamvrektes in hulle kuddes kan beperk.

Dit is belangrik om rekord te hou van simptome en oorsake van lamvrektes om die nodige aanpassings in jou lamstelsel asook jou bestuur- en voedingspraktyke te maak om lamvrektes in die toekoms te beperk. Sodoende is hoër winsgewendheid van 'n boerdery moontlik.


ProAgri is dankbaar dat 'n legende in die landboubedryf, dr Jasper Coetzee, sy *Handleiding vir Winsgewende Skaapboerdery* aan die lesers van ProAgri beskikbaar gestel het.



Indien jy meer inligting oor winsgewende skaapboerdery wil bekom, bestel jou *Handleiding vir Winsgewende Skaapboerdery* vandag nog deur 'n e-pos te stuur na: mvs@meadowcape.co.za.


Dry ICE 4 WINE FARMING
DRY ICE, WHENEVER, WHERE EVER!
Dry Ice International
is now available in the Western Cape.
We know that when you need dry ice, delivery speed and availability are critical. Therefore we have a dependable infrastructure and reliable processes to deliver dry ice to your farm when you need it. Our nationwide manufacturing plants and logistics enable us to provide dry ice seven days a week, 24 hours a day.
With 29 years of dry ice manufacturing and distribution experience, our dedicated and skilled Dry Ice International team will prioritise your dry ice needs.
Call us today!
GAUTENG 012 810 0500 083 375 6627
DURBAN 031 569 6209 083 375 9970
GQEBERHA 041 451 0181 083 243 6483
WESTERN CAPE 083 243 6483
WWW.DRYICE.CO.ZA


STAFIX TM
ELECTRIC FENCE AND SECURITY CENTRES
Online Product Store
Delivery available or
Collect from any of
our branches
0861 STAFIX/782349
www.stafix.co.za
YOUR ONE STOP SECURITY SHOP
Electric Fencing
Gate Motors
Batteries
CCTV
Garage Door Motors
Remotes
Intercoms
Equestrian Fencing
Game Fencing
Alarm Systems
Roboguard
Security Beams
JVA SECURITY SYSTEMS
CENTURION
dahua CCTV SURVEILLANCE TECHNOLOGY
www. ROBOGUARD Outdoor Beams .co.za
STAFIX BRANCH LOCATIONS
Bethlehem
Bloemfontein
Cape Town Central
Cape Town South
Centurion
Durban North
East London
George
Gaborone
Harare
Jet Park
Kimberley
Klerksdorp
Lusaka
Mozambique
Nelspruit
Kya Sand
Paarl
Pietermaritzburg
Pinetown
Polokwane
Port Elizabeth
Potchefstroom
Pretoria
Rustenburg
Somerset West
Upington
Vanderbijl Park
Vryheid
Windhoek
West Rand



OUR GREATEST STRENGTH IS OUR SERVICE AND INTEGRITY

We are South Africa's leading manufacturer and supplier of 12-36m span steel structures for a reason – our commitment to outstanding service and customer satisfaction.

Call us today for competitive prices.
Now celebrating 35 years of success.


Providing optimum design flexibility, Tugela Steel structures are all designed for further expansion to accommodate commercial growth.

Over 100 prefabricated steel structures in stock & ready to ship.

Tugela Steel
Manufacturers of Quality Steel Structures

Tel: +27 31 566 4601
Fax: +27 31 566 5190
Email: sales@tugela.co.za
Website: www.tugelasteel.co.za

PIC®



TOP QUALITY
PIC CAMBOROUGH F1 GILTS

BOARS AND SEMEN AVAILABLE





013 244 7024 I info@picrsa.co.za I www.picrsa.co.za

ALZU Pig Genetics

WFSA

BIG SAVINGS

Wholesale prices directly to the public | Support local buy local

YOUR ONE STOP
FOR FENCING SOLUTIONS



- Galvanised Wire in Coils
- Barbed Wire
- Diamond Mesh / Chain Link
- Roofing & Reinforcing
- Droppers & Standards
- Hexagonal Wire Netting
- Razor Wire
- Welded Mesh
- Posts
- Gates
- Field Fence
- Wholeview Panel Fencing

CONTACT US: sales@wsfafrica.com www.wholesalefencingsa.co.za
Tel: +27 12 682 0150 (Gauteng, Centurion) Tel: 051 – 880 – 0220(Free-State, Bloemfontein)

Senter360

Senter360 is online...are you?

Our Center pivots are known for it's superior construction quality and strength.

Now the same legacy lives in our communication systems!



Terms and conditions apply

Our standard control system has **comprehensive cell/internet communication abilities**

No monthly/ yearly subscription costs

(zero!)



For the best service contact us at + 27 (0)18 469 1331
0r +27 (0)82 564 5955 or www.senter360.co.za

TECHNOPOL SA
ENERGY SAVING MATERIALS

Industry Leaders in Energy Efficient Products



WHY TECHNOPOL?

- Cutting edge technology
- Unrelenting quest for excellence
- Continual improvement
- Modern equipment
- Well trained staff
- ISO 9001, 14001 and 45001 Certified

MANUFACTURERS OF EXPANDED POLYSTYRENE PRODUCTS FOR DOMESTIC AND EXPORT MARKETS

BULK INFRASTRUCTURE AND DERIVED THERMAL INSULATION

THERMAL INSULATION PRODUCTS FOR WALLS, ROOFS, CEILINGS & OTHER APPLICATIONS

LIGHTWEIGHT | VERSATILE | DURABLE

website: www.technopol.co.za
email: info@technopol.co.za
tel: (011) 363 2780

9 Wright Street
Nuffield, 1559
Springs, South Africa

TIPSA SA ISO 14001 ISO 45001 ISO 9001 AGRÉMENT SOUTH AFRICA

Protect and seal your roof with a liquid rubber coating

specials

20ℓ LIQUID RUBBER
R 800 + VAT

20ℓ SHEEN INTERIOR & EXTERIOR
R 900 + VAT

20ℓ BONDING LIQUID
R 550 + VAT

20ℓ QD ENAMEL
R 950 + VAT







www.rnfengineering.co.za

choose your colour:

Charcoal Grey	Dove Grey	Medium Grey	Dark Brown	Red	Terracotta	Black
Green	White	Mid Blue	Cream	Burgundy	Coffee	Clear

RNF ENGINEERING

Phone: 079 326 2683 Email: richard@rnfengineering.co.za
430 Steve Biko Street Gezina, Pretoria

PROUDLY SOUTH AFRICAN

Buy directly from the manufacturer

International Distribution Network

ALZU
VOERE/FEEDS

LICK BLOCKS

Supplements for Success



AVAILABLE AT ALZU FEEDS BRANCHES

www.alzu.co.za | 013 249 8900

THE ONLY AIR SPRING SUPPLY COMPANY IN SOUTHERN AFRICA

AIR SPRING SUPPLY COMPANY

South African Sole Distributor for the FIRESTONE INDUSTRIAL PRODUCTS COMPANY

JHB : 011 397 6390 - infojhb@assc.co.za
DBN : 031 205 2293 - infodbn@assc.co.za
VISIT US @ www.assc.co.za

FOLLOW US ON:



Actuators • Isolators • Marsh Mellows

Learn more about our Firestone Industrial Products by watching our YouTube videos



Contact us today to enquire about the amazing Airmax 2 Ton & 3 Ton Air Jacks. We have many other Airmax Air Accessories on offer



TRUCK / TRAILER / CAB AIR SPRINGS

Firestone AIROGEAR

AIROGEAR AIR SPRINGS ARE DEVELOPED AND BUILT ACCORDING TO FIRESTONE STANDARDS OF MANUFACTURING TO OFFER A LOW-COST, RELIABLE QUALITY PRODUCT



ELIMINATE BODY ROLL ON YOUR SUZUKI JIMNY WITH OUR AIRMAX AIR HELPER KITS

REAR-STANDARD SUZUKI JIMNY 4X4 2010 ONWARDS

REAR-STANDARD SUZUKI JIMNY 4X4 2010 ONWARDS

REAR-RAISED SUZUKI JIMNY 4X4 2010 ONWARDS

VIAIR AIRLIFT AIRO GEAR RIDE-RITE DESP Firestone




JEMARCO
CREATE THE OPTIMAL
ENVIRONMENT FOR YOUR PLANTS
We install
shade net greenhouses
Installed
at R50 000
Large size- 50m x 9m
Galvanised steel frame
40% Shade netting
* R10 p/km transport from Gauteng
Jaco: 082 350 7942
jemarco@live.com


Sintech
CASE
FORD
JOHN DEERE
LANDINI
MASSEY
NEW HOLLAND
CARLISLE
BRAKE AND PTO DISCS, FRICTION AND STEEL DISCS, HYDRAULIC BOOSTERS
AND MASTER CYLINDERS FROM AN ORIGINAL EQUIPMENT SUPPLIER
JHB: +27 (0)11 823 2359
DUR: +27 (0)31 569 2695 /7
WWW.SINTECH.CO.ZA
sales@sintech.co.za
Proudly a BBBEE


SWC QUIP
STEEL WIRE ROPE & EQUIPMENT
Ons verskaf staal kabel
vir krale, omheining, nethuise en besproeiing
Ons produkte sluit in:
Staal Kabel | Staal Kabel Bybehore | Sleeptoue | Plaashekke
Betroubaar
Bekostigbaar
Kwaliteit
082 445 5743
www.swcquip.co.za
bianca@swcquip.co.za


TEL: 021 981 3774
SEL: 082 452 0863
EPOS: primaeng@mweb.co.za
WEB: www.primasupermax.com
PRIMA
ENGINEERING SERVICES
SINCE 2000
BOORGATSILINDERS EN VLOTTERKLEPPE
Gevorderde Tegnologie
VLEKVRYE STAAL!
GEEN SKROEFDRAAD KOPPELINGS
OPPERVLAK SILINDER
SP REEKS
VOETKLEP GEEN ONDERHOUD
KONVENSIONELE SILINDER
OD REEKS
HOË VOLUME
GEEN FORSKOP!
WATERVLAK VERSTELBAAR
MAXI-FLOAT
SABS
Design Institute
AWARDS 2000
ENGINEERING
SUPERMAX

Based on a life long love for dirt, mud and water

THE DIFF + CHAIN
BIKES, BOATS & QUADS

DARE TO BE ADVENTUROUS





2011 Polaris xp 550 eps fi 4x4 utility
Excellent condition, 4x4 winch, 4wd, 2wd. High low range and is fully automatic



2020 Linhai t boss 410
Only 729km on the clock, high and low range with 2wd and 4wd. 100% original.



2011 Yamaha tw 200
In mint condition ,not a cent to be spent. Perfectly looked after, only 6 800km.



Can am renegade 800 twin 4x4
Low mileage, fully automatic with lots of power, an 4x4 with high and low range.



2022 Kymco 300 mxu utility
Brand new, books papers etc. Start and go. Electric start with reverse. High and low range.



Suzuki ltz 250 quad sport
In excellent condition. Electric start and semi automatic. Easy to drive and very reliable.



2011 Polaris ranger 800fi xp 4x4
In excellent condition, start and go. Fully automatic, 4wd and 2wd with high and low range.



2015 Bmw gsa 800
In excellent condition, only 19000km. Fantastic bike with lots of extras (Gps ,top box ,tank bag etc.)

Jacques Palm +27 (0) 60 997 4730 - Landline (012) 065 0448
jacques@thediffandchain.co.za | ***Francois Palm:*** +27 (0) 72 974 4660

N4 Gateway Park, Erf 486, Unit 4, 129 Rooiberg Street,
Willow Park Manor, Ext 65, Pretoria





BuddyCool



KEEPING IT REAL COOL...





Impressive Durability, Premium Performance, & Maximum Convenience.

No matter what the adventure, or how many of your buddies are joining, there should always be one particular Buddy who tags along.

The BuddyCool range is known for having the best cooler boxes in South Africa, with impressive durability, premium performance, and maximum convenience.

Contact us for your nearest dealer

018 293 1827 | b-cool@buddycool.co.za | www.buddycool.co.za

Maximize your farm's efficiency and sustainability

with AgSolar by Valley®





Driven by expertise and valued by growers, Valley Irrigation uses the sun's energy to power your agribusiness through their Ag Solar services.

Efficient | Energy saving | Reduced environmental impact | New possibilities | Finance available

Marius Tolken – 079 506 3400 (Gauteng, KZN, Free State, Western Cape, Eastern Cape)
Cobus Vermaak – 082 450 8823 (North West, Mpumalanga, Limpopo, Northern Cape)
Valley Sales - 060 076 7253

marketingmea@valmont.com | www.valleyirrigation.com

VALLEY®